

NWU & U

AS ALUMNI

ALUMNItydskrif

Nuwe era
vir NWU

Alumni-toekenning

Afsê met
'n glimlag





Dit begin alles hier®



VOORBLAD:

Hierdie alumni het toekennings ontvang vir hul uitsonderlike bydraes tot die gemeenskap. Hulle is mnr Alec Moemi, mnr Etienne le Roux, prof Pieter Stoker en adv Jan Henning, SC. Lees meer hieroor op p 10.



W H O U D

8



21

20



26

REDAKSIONEEL

- Boodskap van die visekanselier 4
- Op die drumpel van die volgende skof 5
- NWU-kundiges ken hul storie 6
- Dit kom van ver af 6

NUUS

- So lyk die Konvokasie 7
- Nuwe era breek aan vir NWU 8
- NWU vereer alumni 10
- Alumni-pret 2014 12
- Direkteur van besigheidskool lei AHI 14
- 50 goue jare vir PBS 15
- Regstudente wys hul staal in 'hof' 15
- Boek fokus op die Fakulteit Natuurwetenskappe 16
- Kampusnuus 16

PROFIELE

- Jeugleier se erfenis leef voort 19
- 'n Leier eerder as 'n baas 20
- Sukses is sy enigste opsie 21
- Altyd hoër – van myner tot regskenner 22
- Avonturier, liberalis, Afrikaner... 24
- Kinders, honde en die see maak haar bly 26

ARTIKELS

- Kindergeleide huishoudings veg om oorlewing 28
- CTexT® vier eerste dekad 30
- As werknemers floreer, gedy organisasies 32
- Kommunikasie-alumni ken geen perke 34
- Die einde van die kys was soet... 37

REDAKSIONELE SPAN:

Personeel van Institusionele Bevordering, en kommunikasiebeamptes op die kampusse.

BLADUITLEG:

Studio Chatnoir: Mercia Venter.

DRUKWERK:

Sun Media.

FOTOGRAFIE:

NWU-kollegas en -diensverskaffers.

VIR VERDERE NAVRAE/ KORRESPONDENSIE:

Nelia Engelbrecht
Tel 018 299 4937
Faks 086 614 3222.

Die NWU & U word deur die Institusionele Bevordering-departement van die NWU in Engels en Afrikaans voorberei en uitgegee. Dit word hoofsaaklik in elektroniese formaat versprei, behalwe in gevalle waar ons nie geldige e-pos-adresse van alumni het nie.



NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITHI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

Boodskap van **die visekanselier**

Beste alumni,

TIEN JAAR NADAT die Noordwes-Universiteit tot stand gebring is in 2004 is die universiteit nou by 'n kritieke punt in sy geskiedenis. Besluite wat nou deur die NWU Raad geneem word, sal verreikende gevolge vir die toekoms inhou.

Ná die samesmelting het die NWU homself as 'n beduidende nuwe universiteit in die land gevestig. Een van die groot suksesse van die samesmelting was die konsolidasie en uitbreiding van ons kernaktiwiteite, naamlik onderrig-leer en navorsing. Daar was ook groot infrastruktuur-ontwikkeling op al drie kampusse.

Een area wat 'n uitdaging bly, is transformasie.

Transformasie is nodig

'n Internasionale paneel-evaluering van die mate waartoe die universiteit sy samesmeltingsdoelwitte bereik het, het aangedui dat meer gedoen sal moet word om te verseker dat die skeiding tussen 'n historiese swart en historiese wit universiteit oorkom word.

Transformasie gaan nie net oor getalle nie. Demografiese transformasie is 'n nodige maar ontoereikende voorwaarde vir die dieper soort transformasie wat daartoe sal lei dat die universiteit se bydrae tot maatskaplike kohesie en nasiebou selfs groter sal wees.

Hoe doeltreffend is ons bestuursmodel?

Nog iets wat aandag verg, is die manier waarop die universiteit gestruktureer is, en veral die bestuursmodel.

Met die samesmelting is 'n bestuursmodel aanvaar wat rekening hou met die geografiese afstand tussen die kampusse. Die model vestig ook plaaslike toerekenbaarheid vir prestasie deur die plasing van 'n kampusrektor aan die hoof van elke kampus, met 'n institusionele kantoor wat die strategiese leiding verskaf in die ontwikkeling van beleide en prosesse.

Hierdie model het goed gewerk in die verlede. Dit het die nodige stabiliteit verskaf vir die konsolidasie van die samesmelting, dit vir die kampusse moontlik gemaak om aandag te gee aan hul swakplekke, en sterk kampus-aanspreeklikheid aangemoedig.

Die model word egter wyd gekritiseer omdat dit soos 'n federale model lyk. Daar is ook bewerings dat dit kompetisie eerder as samewerking tussen kampusse aanmoedig. Die model moedig ook die idee aan dat die kampusse semi-outonoom is en verskillende, selfs niebelynde, strategiese rigtings kan inslaan. Daar is ook vraagstukke rondom bekostigbaarheid en doeltreffendheid.

Strukturele aanpassing kan dus nodig wees om te verseker dat 'n universiteitswye identiteit en kultuur ingebed word en dat sterk transformasie-inisiatiewe sentraal gestuur word.

Ons moet 'n enkele universiteitskultuur en -identiteit skep en uitbou wat sal lei tot 'n geïntegreerde universiteit met gelyke voorsiening oor kampusse heen.

Ontwikkeling van 'n nuwe strategiese agenda

In die tweede helfte van die jaar het die senior leierskap deelgeneem aan die formulering van 'n strategiese agenda vir die universiteit vir die volgende 10 jaar tot 2025. Die Raad word deurgaans op hoogte gehou van die prosesse en sal uiteindelik die strategiese agenda en die doelwitte en teikens vir die toekoms goedkeur.

Ons sal u insette kry om ons denke te verryk en in die volgende uitgawe van die *NWU & U* sal ons u inlig oor die vordering met hierdie belangrike prosesse.

Dankie aan julle, ons alumni, vir jul ondersteuning sedert my aanstelling. Gaan asseblief voort met julle bydraes om hierdie universiteit selfs beter te maak.

Vriendelike groete,

Dan Rgwadi



NWU-kundiges ken hul storie

Die NWU se kundiges word dikwels in die media aangehaal, wat die openbare beeld van die universiteit uitbou as 'n instelling wat streef na kennis en innovasie om ander in staat stel om hul lewenskwaliteit te verbeter. In hierdie artikel deel ons van ons kundiges se kommentaar wat gedurende die afgelope jaar in die media gepubliseer is.



“Die toerismebedryf moet dit oorweeg om geleenthede vir internskappe aan ons studente te bied sodat hulle kan leer hoe die industrie werk. Toerisme bestaan uit baie fasette en sluit klein, medium en mikro-ondernemings in. Studente moet hul eie toerisme-besighede begin sodat hulle 'n bydrae kan maak om te verseker dat die provinsie sy 2020- en 2030-doelwitte bereik.”

Prof Haretsebe Manwa, Skool vir Geesteswetenskappe, Mafikengkampus.

“Statement by Desbo Mohono, MEC for Tourism, celebrates tourism achievements in 20 years of freedom and democracy”, *polity.org.za*, 23 September 2014.



“Dit is regtig moontlik om wiskundepunte deur die gebruik van apps te verbeter. Met apps kan kinders teen hulle eie tempo werk en individueel terugvoering kry. En hulle hoef nie meer van 'n swartbord of truprojektor af te skryf nie.”

Prof Marthie van der Walt, Skool vir Natuurwetenskappe en Tegnologie vir Onderwys, Potchefstroomkampus.

“Apps help kinders met somme”, *Rapport*, 21 September 2014.

Op die drumpel van die volgende skof

DIE NWU STAAN nou op die drumpel van die volgende dekade.

Agter ons lê 'n tienjaarreis van groei en ontwikkeling. Sommige van julle, ons alumni, verteenwoordig die reis wat nog verder in die verlede lê. Party was deel van die voormalige instellings waarop die NWU gebou is – die Universiteit van Noordwes (en sy voorgangers) en die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Julle bydraes het die goeie wegspringpunt gebied waarop die jong NWU sy reis kon begin.

Ons reis tot dusver

Die pad wat die NWU sedert die samesmelting op 1 Januarie 2004 geloop het, was nie altyd pylreguit nie – daar was ook kronkels waarlangs die nuut saamgesmelte universiteit sy weg versigtig moes baan.

Tog, met wysheid en 'n gedeelde visie van uitnemendheid as die eindbestemming, het die NWU sy reis vasberade voortgesit. Aan mylpale langs die pad het dit nie ontbreek nie – die NWU se geweeegde navorsingsuitseteenhede het byvoorbeeld die afgelope tien jaar met 183,5% gegroei. Lees gerus op p 28 en 32 oor twee van die talle waardevolle navorsingsprojekte wat by die NWU onderneem word.

Nog 'n suksesverhaal is dié van die Potchefstroom Besigheidskool wat vanjaar hul vyftigste bestaansjaar gevier het (p 14).

Daarby spog ons alumni ook met hul eie suksesstories. Die loopbane van die alumni wat op 31 Oktober Alumni-toekennings ontvang het (p 10), getuig immers van koersvastheid en welslae.

Die volgende skof

Net so koersvas sal die NWU ook die volgende skof van sy reis aanpak. Dié pad sal waarskynlik sy eie draaie en opdraandes bring, veral noudat die universiteit met 'n proses begin het om 'n nuwe strategiese agenda vir die volgende 10 jaar te bepaal. (Meer hieroor in die boodskap van die visekanselier op p 4.)

Wanneer die NWU in 2015 die eerste tree oor die drumpel gee om die volgende tienjaarreis aan te pak, sal dit met die wete wees dat ons kan voortbou op 'n dekade se prestasies en op julle volgehoue, lojale ondersteuning.

Mag die komende feesseisoen vir almal seën inhou en mag 2015 'n gelykpad bring.

Lekker lees,

Nelia
en die
NWU & U-span





Skryf gerus en vertel vir ons waar in die wêreld julle jul bevind en hoe dit met jul loopbane gaan, of skryf sommer oor ditjies en datjies wat julle na aan die hart lê. Stuur julle briewe na nelia.engelbrecht@nwu.ac.za, faks dit na 086 614 3222 of pos dit aan Nelia Engelbrecht, Institusionele Kantoor, Noordwes-Universiteit, Privaatsak X1290, Potchefstroom, 2520.

ONS HOOR GRAAG VAN JULLE!

Dit is met 'n warm gevoel om die hart dat 'n mens die briewe van ons alumni lees. Ons deel hierdie een graag hier met ons lesers.



Pieter en sy vrou, Carlene staan voor die hoogste gebou in die wêreld, die Burj Khalifa-gebou in Dubai.

Goeiedag,

Al wag ek omtrent drie maande vir my uitgawe van die NWU & U, is ek altyd bly die dag wanneer dit in my kantoor in Dubai afgelewer word. Ek het byvoorbeeld vandag (29 September) eers die uitgawe gekry wat op 12 Junie 2014 deur die poskantoor gestempel is.

Ek moet nog dit klaar lees maar het vinnig deurgeblaai om te sien wat aangaan. Baie geluk aan prof Dan Kgwadi wat die nuwe visekanselier is.

Ek en my vrou is steeds in Dubai nadat ons vroeg in 2004 hier aangekom het. Ons is darem al gewoon aan die hitte en het geleer hoe om dit te vermy as dit 47 grade Celsius buite is.

Baie dankie vir 'n interessante alumni-blad – ek sien uit na my eerste elektroniese uitgawe.

Ek gaan nog steeds probeer om 'n NWU-reunie hier in Dubai te reël – ek sal kyk of ek dit volgende jaar kan regkry.

As julle dalk weet van oudstude- nte wat hier in die Verenigde Emirate bly, stuur gerus hul inligting.

My epos adres is: pietvster@gmail.com.

Baie groete
Pieter Vorster
Dubai

Indien jy steeds jou kopie van die NWU & U per pos ontvang, maar verkies om dit via e-pos te kry, stuur asb jou e-posadres na nelia.engelbrecht@nwu.ac.za. Baie dankie vir die talle alumni wat die NWU & U in Junie nog in gedrukte formaat ontvang het, en hul e-posadresse gestuur het sodat hulle die tydskrif voortaan elektronies kan ontvang. Daarmee help julle ons om ons koolstofvoetspoor te verklein.



So lyk die KONVOKASIE

DR SAMMY THEKISO is as voorsitter van die NWU Konvokasie verkies tydens die driejaarlikse vergadering wat op 23 Augustus by die Quest-konferensiesentrum in Vanderbijlpark gehou is.

Hy volg in die voetspore van adv Jan Henning, SC, wat afgetree het weens swak gesondheid.

'n Nuwe uitvoerende komitee vir die Konvokasie is ook verkies:

- Voorsitter:** Dr Sammy Thekiso (sielkundige, Potchefstroom)
- Ondervoorsitter:** Dr Dirk Hermann (hoof- uitvoerende beampte, Solidariteit)
- Penningmeester:** Prof Marius Stander (sielkundige en dosent, Vaaldriehoekampus)
- Ander lede:** Mnr Werner Human (prokureur, Hurter Spies Geïnk, Centurion)
- Adv Marlize Kruger (regskonsultant en fasiliteerder, Potchefstroom)
- Mnr Nelson Mongale (spesiale adviseur vir industriële strategie, Gabarona Engineering Consulting, Vanderbijlpark)
- Mnr Albert Sorgdrager (groepregsadviser vir litigasie en dispute, Nedbank, Johannesburg)
- Mnr Henk Schalekamp (voorsitter van Solidariteit Beleggingsmaatskappy, Pretoria)

Die volgende driejaarlikse vergadering sal in 2017 gehou word.

ALUMNI-KANTORE

Daar is 'n alumni-kantoor en alumni-koördineerder op elke kampus:

- Mafikengkampus: me Susan van Rooyen, 018 389 2388
- Potchefstroomkampus: me Yolandi Haasbroek, 018 299 2768
- Vaaldriehoekkampus: me Alwine Naudé, 061 910 3250

KONVOKASIE IN 'N NEUTEDOP

As 'n NWU-gegradueerde en alumnus nooi ons jou uit om by die NWU Konvokasie aan te sluit.

DOEL

Die hoof funksie van die Konvokasie is om die sienings van die alumni aan die Raad oor te dra, om samewerking tussen alumni aan te moedig en om lede op die Raad te verkies. Ter bevordering van ons waardes, goeie korporatiewe bestuur en innovasie ontwikkel die Konvokasie wedersyds voordelige verhoudings tussen die universiteit en sy alumni.

LIDMAATSKAP

Elke gegradueerde en gediplomeerde van die universiteit of sy voorgangers en huidige voltydse, permanente personeellede kan lid word van die Konvokasie. Jy moet wel aansoek doen om lidmaatskap en die voorgeskrewe bedrag (R50) vir lewenslange lidmaatskap betaal. Verdere inligting is beskikbaar op die aansoekvorm. Kontakpersoon: me Izette Schouwstra, 018 285 2594 of izette.schouwstra@nwu.ac.za.

NWU RAAD

Die Konvokasie word deur vier lede in die NWU Raad verteenwoordig. As jy 'n lid van die Konvokasie is, kan jy benoem en verkies word as 'n raadslid. Slegs lede van die Konvokasie mag stem in hierdie verkiesing.

Die lede van die nuut verkose uitvoerende komitee van die Konvokasie is agter van links mnr Henk Schalekamp, mnr Albert Sorgdrager, mnr Werner Human en mnr Nelson Mongale. Voor van links is dr Dirk Hermann, dr Sammy Thekiso, voorsitter, prof Marius Stander, en adv Marlize Kruger.





Nuwe era

BREEK AAN VIR NWU

Die inhuldiging van prof Ntate Dan Kgwadi as die tweede visekanselier van die NWU is die begin van 'n nuwe en opwindende era vir die universiteit.

Aan sy sy is die koning van die Koninklike Bafokeng-stam, Kgosi Leruo Tshakedi Motlotlegi, wat heringehuldig is as kanselier van die NWU.

Prof Dan se inhuldiging en Kgosi Leruo se herinhuldiging vir 'n tweede termyn as kanselier het op 26 September by die Mafikeng Konvensiesentrum plaasgevind.

Toets kennis in die praktyk

KGOSI Leruo Molotlegi sal vir 'n verdere vyf jaar dien as kanselier, die titulêre hoof van die universiteit wat alle grade in die naam van die universiteit toeken.

Tydens sy aanvaardingstoespraak het hy gesê die verhouding tussen die universiteit en die gemeenskap moet 'n wedersydse proses van leer wees.

"So 'n vennootskap moet begin met eenstemmigheid oor die vrae wat gevra moet word, en moet voortgaan deur die toetsing en toepassing van die bevindinge. As ons ons tegniese kennis in die praktyk toepas, leer ons opnuut wat werk en wat nie werk

nie – dit is die belangrikheid van konteks en die belangrikheid van kommunikasie."

Hy sê die NWU het 'n lang geskiedenis van advies aan praktisyns, hetsy in landbou, mynbou of die regering.

"Hierdie kennis is uiters waardevol, en ons moet daarop voortbou. Ons kan nie bekostig om die waardes in gevaar te stel of te verloor wat met moeite opgebou is deur diegene wat ons by hierdie universiteit voorafgegaan het nie," het Kgosi Leruo gesê.

HET JY GEWEET?

- Kgosi Leruo Molotlegi is die 36ste opperheerser van die 800 jaar oue Bafokeng Koninkryk.
- Onder leiding van Kgosi Leruo het die Koninklike Bafokeng se Opperraad die taak aangepak om in al die basiese behoeftes van die Bafokeng-gemeenskap te voorsien, om respek vir die Bafokengkultuur te bevorder en om die stam se ekonomiese selfstandigheid uit te bou.
- Hy glo die dringendste hervorming wat in die openbare onderwysstelsel nodig is, is om jong mense te help om 'n kopskuif te maak om groter verantwoordelikheid vir hulself en hul gemeenskappe te aanvaar, openheid met entoesiasme te aanvaar en 'n ingesteldheid van vasberadenheid, geduld en volharding te kweek.
- Kgosi Leruo is ook 'n argitek en 'n vastevlerkvlieënier.





Kgosi Leruo Molotlegi (tweede van links) is heringehuldig as kanselier van die NWU en prof Dan Kgwadi (tweede van regs) is ingehuldig as visekanselier. Die seremonie is waargeneem deur, onderskeidelik, me Itumeleng Poee (heel links), waarnemende voorsitter van die NWU Raad, en prof Marlene Verhoef (heel regs), institusionele registrateur.

Nuwe strategiese rigting vir die NWU

PROF DAN Kgwadi is vir 'n termyn van ses jaar aangestel en beklee die amp sedert 1 April 2014. Sy aanstelling het 'n nuwe strategiese rigting vir die NWU ingelui en hy is op die voorpunt daarvan om te verseker dat die universiteit se posisionering, plaaslik en internasionaal, opnuut stukrag kry.

By die inhuldiging het prof Dan gesê die universiteit is by 'n kritieke punt in sy geskiedenis en besluite wat nou deur die Raad geneem word, sal verreikende gevolge vir die toekoms inhou. "Ons moet seker maak dat ons die universiteit reg posisioneer om toekomstige uitdagings die hoof te kan bied. Hierdie uitdagings het te make met die plek van die NWU in die Suid-Afrikaanse hoërondwyslandskap en die bydrae wat ons kan maak tot die welstand van ons land, die vasteland, en die wêreld."

Hy het ook gesê onlangse evalueringe van die universiteit se prestasie dui daarop dat daar weer gekyk moet word na transformasie. "Dit sal toegewyde en passievolle leierskap, politieke wil en gesentraliseerde bestuur vereis, wat sal lei tot 'n getransformeerde en geïntegreerde kultuur en identiteit vir die universiteit."

Prof Dan sê hy is daartoe verbind om eenheid by die NWU te versterk. "'n Enkele universiteitskultuur en -identiteit sal 'n geïntegreerde universiteit met gelyke voorsiening van hulpbronne op alle kampusse meebring."

HET JY GEWEET?

- Vóór sy aanstelling as die NWU se visekanselier was prof Dan Kgwadi die rektor van die Mafikengkampus.
- Hy het sy loopbaan afgeskop as 'n fisika-onderwyser by Phatsima Hoërskool en ook gedien as:
 - senior bestuurder/assesseringskoördineerder by die Nasionale Kernreguleerder;
 - hoof van die Fisika-departement by die Vaal Universiteit vir Tegnologie;
 - dosent en hoof van die Fisika-departement aan die Universiteit van Noordwes; en
 - navorsings- en onderrig-assistent by die Ball State-Universiteit.
- By Ball State is hy ter erkenning van sy prestasie in fisika toegelaat tot die sigma-pi-sigma-erevereniging.
- Prof Dan het 'n passie vir valskerm-spring en het 'n sertifikaat by die Amerikaanse Valskermvereniging gekry vir die voltooiing van 'n aantal suksesvolle spronge.

NWU

Die NWU het sy tweede jaarlikse Alumni-toekenningsereemonie op 31 Oktober by die Maslow Hotel in Sandton gehou.

vereer alumni

DIE UNIVERSITEIT vereer alumni wat 'n betekenisvolle bydrae gemaak het – tot die samelewing en in hul onderskeie vakgebiede – met 'n Alumni-toekening. Die ontvangers van die 2014-alumni-toekennings is mnr Alec Moemi, adv Jan Henning, SC, prof Pieter Stoker en mnr Etienne le Roux.

Ontmoet ons top-alumni



EKONOMIE-GHOEROE

Mnr Etienne le Roux was 'n ekonoom verbonde aan die Nasionale Tesourie nadat hy sy loopbaan afgeskop het as dosent in ekonomie by die Noordwes-Universiteit se Vaaldriehoek-kampus. Terwyl hy by die Tesourie gewerk het, het hy ook die geleentheid gehad om sy studies in die Verenigde State van Amerika voort te sit.

Hy het hom later in die bankwese begeef en is tans hoofekonoom vir Rand Merchant Bank (RMB). Gedurende sy tyd by RMB het hy verskeie prestasietoekennings ontvang, insluitende Beste Analis van die Jaar.

In Julie 2013 het mnr Trevor Manuel, in sy hoedanigheid as Minister in die Presidensie: Nasionale Beplanningskommissie, hom as lid van die Suid-Afrikaanse Statistiekraad benoem.

Hy bied per geleentheid gaslesings in ekonomie aan op die NWU se Vaaldriehoek-kampus.



MEESTER VAN DIE SPEL

Mnr Alec Moemi is die direkteur-generaal van Sport en Rekreasie Suid-Afrika (SRSA).

Sy vaardighede en passies is egter nie beperk tot sport nie; tydens sy studentejare het hy verskeie leiersposisies beklee.

Later in sy loopbaan was hy betrokke by jeugorganisasies soos onder meer die ANC-jeugliga, die Umsobomvu-jeugfonds en die voormalige Vrystaatse Jeugkommissie.

Sy loopbaan het hom ook na die Kantoor van die Premier in die Vrystaatse Provinsiale Regering geneem waar hy gewerk het as hoofdirekteur verantwoordelik vir spesiale programme en inter-regeringsverhoudinge.

As direkteur-generaal van SRSA werk hy hard daaraan om Suid-Afrikaanse sport na die volgende vlak te neem.



Alumni Award
Adv Jan Henning
2014

Pronk met die uitmuntendheid van die NWU

In sy toespraak het die voorsitter van die NWU Konvokasie, dr Sammy Thekiso, gesê alumni van die NWU maak nou al vir baie jare lank hul merk – nie net in Suid-Afrika nie, maar ook internasionaal.

“Die NWU is bevoorreg om so ’n uitsonderlike belangegroep te kan hê.”

Diensbaarheid laat hulle uitstaan

Prof Dan Kgwadi, visekanselier, het gesê hierdie vier alumni het hulself deur hul baie prestasies en diensbaarheid bewys as inspirerende lede van die universiteitsgemeenskap. “Hierdie toekenningseremonie bring hulde aan die ontvangers vir hul onselfsugtige bydraes tot die samelewing. Hier aan die einde van die tienjaarvieringe is ons trots om te sien hoe hierdie toekennings vir die tweede opeenvolgende jaar gemaak word.”



KAMPVEGTER VAN STAATSAANKLAERS

Ado Jan Henning, SC word beskou as een van die beste staatsaanklaers en bestuurders wat Suid-Afrika nog ooit opgelewer het.

Hy het gehelp met die stryd teen binnehandel op die effektebeurs, is bekend as ’n kampvegter vir beter werkstoestande vir staatsaanklaers en het leierskapsrolle op verskeie gebiede en in verskeie instansies vertolk. Hierdie instansies sluit in die Instituut vir Kommersiële Forensiese Praktisyne, die Vereniging van Gesertifiseerde Bedrogondersoekers en die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG).

Die eertydse president FW de Klerk het aan hom die status van senior advokaat gegee in 1992 en in 1999 is hy aangewys as spesiale direkteur vir hofbestuur in die NVG.

Selfs noudat hy afgetree het, huiwer hy nie om indringende kommentaar te lewer op kwessies wat ons grondwetlike demokrasie raak nie.



VERKEN DIE GRENSE VAN WETENSKAP

Prof Pieter Stoker is ’n uitstekende voorbeeld van ’n Potchefstromer wat internasionale erkenning vir homself en sy departement verwerf het.

In 1953 het hy ’n navorsingsfasiliteit in kosmiese strale en kernfisika tot stand gebring in die Departement Fisika van die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. Vandag staan dit bekend as die Noordwes-Universiteit se Sentrum vir Ruimtenavorsing.

Hy was vir 36 jaar lank hoof van die Fisika-departement en het twee termyne as dekaan van die Fakulteit Natuurwetenskappe gedien.

Sy werk geniet nasionale sowel as internasionale erkenning. Hy is die trotse ontvanger van toekennings soos die Havenga-prys vir Fisika en ’n goue medalje van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir die Bevordering van Wetenskap.

Groot pret en plesier vir ons alumni in 2014! Musiek, wyn, goeie geselskap en 'n paar voëltjies op die gholfbaan het dit 'n onvergeetlike jaar gemaak.



Mafikengkampus-alumni geniet die geselskap van prof Dan Kgwadi, NWU-visekanselier (derde van regs) tydens 'n geleentheid by die Bronberg Wynlandgoed in Pretoria-Oos.

Deel inspirerende stories

Met "Entrepreneuriese Uitnemendheid" as tema vir die aand het Mafikeng-alumni mekaar op 17 Oktober by 'n byeenkoms in Pretoria met stories oor hul loopbane geïnspireer.

Onder die sprekers was 'n voormalige BCom Ekonomie-student wat nou 'n suksesvolle entrepreneur is, 'n senior finansiële analis by die Nasionale Tesourie, 'n vennoot by 'n regsfirma, en 'n navorsingsbeampte by Unisa met 'n honneursgraad in kernenergie.

Wees ons ambassadeurs, vra rektor

Tydens die alumnifunksie wat in Oktober in Pretoria plaasgevind het, was prof Mashudu Davhana-Maselesele, rektor van die Mafikengkampus, beïndruk met die entrepreneurs uitnemendheid van die alumni wat hul stories gedeel het. Sy het hulle aangemoedig om trotse ambassadeurs van die NWU te wees en hul kundigheid en hulpbronne terug te ploeg tot voordeel van die universiteit.

ALUMNI-PRET

2015-pret vir Potch-alumni

- 1965 Verteenwoordigende Studenteraad-reünie
- Reünie van 1965 se eerstejaars
- Heide-koshuis se 45 jaar-reünie
- Ander moontlike koshuisreünies: Caput, Hombré, Kasteel, Klawerhof, Ratau en Soetdorings
- Moontlike alumni-byeenkomste: Gauteng en Bloemfontein

Wat 'n woelige jaar

In 2014 het die Vaaldriehoek-kampus se alumni deelgeneem aan die viering van die universiteit se 10de bestaansjaar en 'n vol program geniet, wat onder andere bestaan het uit netwerking, reünies en sakeontbyte.

Tydens die 2014-gradeplegtigheid het die alumni-kantoor weer die belangrikheid van die Jong Alumni-organisasie



Die 1920's pas vir Heinrich Kriel en sy vrou, Christelle, soos 'n handskoen tydens 'n Gatsby-aand wat op 17 September by die Riviera on Vaal in Vereeniging gehou is.

Lede van die Alumni Advieskomitee het die geleentheid bygewoon waarmee vier van die streek se bekendste instellings hul "verjaarsdae" gevier het. Hierdie instellings is die Vanderbijlpark Sakekamer (50 jaar), die *Vaalweekblad* (50 jaar), die Vaal Universiteit vir Tegnologie (10 jaar) en die NWU se Vaaldriehoek-kampus (10 jaar).



Personeel van die Potchefstroomkampus is tydens hul besoek aan Windhoek op 11 Junie met gul Namibiese gasvryheid ontvang. Van links na regs in die "skrum" voor 'n plakkaat van die Potchefstroomkampus is alumnus André van der Merwe, Piet Steyn van Bemaking en Kommunikasie, NWU, en prof Herman van Schalkwyk, rektor, Potchefstroomkampus.



2014

Laat die jolyt begin

Die feestelike gebeure wat in 2014 deur die Potchefstroomkampus georganiseer en aangebied is, het verskeie koshuisreünies ingesluit. Alumni het elegante dinees bygewoon, nostalgiese stories oor hulle studentedae gedeel, en hul koshuis- of doreliedjies gesing.

Behalwe vir hierdie reünies was daar in 2014 ook die 50 jaar-reunie van die MBA-studente wat die Potchefstroom Besigheidskool bygewoon het, en die reunie van 1964 se eerstejaars. Daar was ook die gewone gholfdag, wynproegeeentede en alumni-byeenkomste regoor die land.



Wanda-alumni sing hul dorelied by die reunie wat op 30 Junie op die Potchefstroomkampus gehou is. Van links is Marle Rautenbach, Rentia Harrison (primaria 2001), haar suster, Marietjie Smith (primaria 2002) en Estée Campher.

Die bekende sangeres, Karen Zoid, vermaak alumni tydens die galadinee wat op 30 Oktober in Vanderbijlpark gehou is.

beklemtoon. Hierdie organisasie moedig studente wat graad kry aan om ná hul studies steeds hul verbintenis met die kampus te koester.

Die hoogtepunt van die jaar was sonder twyfel 30 Oktober se galadinee. Hierdie prestige-geleentheid het by die Quest-konferensiesentrum plaasgevind en Karen Zoid en die komediant Riaad Moosa het opgetree. Die unieke kombinasie van Karen en Riaad het gehelp om die aand onvergeetlik te maak.





Direkteur van besigheidskool lei AHI



goue jare vir PBS

DIE DIREKTEUR van die Potchefstroom Besigheidskool (PBS) op die NWU se Potchefstroomkampus is verkies as voorsitter van die Afrikaanse Handelsinstituut (AHI).

Prof Tommy du Plessis sal vir die volgende jaar in hierdie hoedanigheid dien. Hy is die tweede NWU-personeelid in drie jaar om verkies te word as voorsitter van die AHI en volg in die voetspore van dr Theuns Eloff, voormalige visekanselier van die NWU.

DIE UITDAGING "Tydens my inhuldiging as voorsitter was die boodskap duidelik dat ons moet seker maak dat die kleinsake-omwenteling 'n werklikheid word," sê hy.

"Daar is baie wonderlike dinge wat op die sakefront in Suid-Afrika gebeur het sedert 1994, en dit is belangrik om dit ook te erken. Ons moet positief wees en verandering dryf sodat dit die ekonomie bevoordeel."

DIE PLAN Tommy sê een van die beste maniere om dit te laat gebeur, is vir die AHI om met ander instansies saam te werk om ekonomiese ontwikkeling uit te bou en 'n gunstige klimaat te skep waarbinne veral klein sake-ondernemings kan floreer.

Van sy nuwe verantwoordelikhede sal wees om 'n werkbare besigheidsmodel vir die AHI en die onderskeie sakekamers te ontwikkel.

DIE JAAR 2014 is vir die personeel en studente van die Potchefstroom Besigheidskool baie spesiaal. Hulle vier nie net **50 jaar van groei** nie, maar ook die **internasionale akkreditasie** wat hulle van die Association of MBAs (AMBA) ontvang het.

Deel van die feesvieringe is 'n reünie wat op 5 November plaasgevind het waarmee die PBS probeer het om almal wat 'n bydrae tot die sukses van dié skool gemaak het, bymekaar te bring.

Die sukses van die PBS is indrukwekkend. Die skool, wat al bykans 50 jaar lank die MBA-studierigting aanbied, word deur die toonaangewende finansiespublikasie, *Financial Mail*, as een van die top vyf besigheidskole in Suid-Afrika beskou.

Kies die room van die oes Die besigheidskool is baie gewild en daarom moet die PBS die getal studente wat vir die MBA-kwalifikasie inskryf tot 200 beperk. Dit beteken dat hulle studente uit die room van die oes vir dié kursus kan keur.

Prof Tommy du Plessis, direkteur van die PBS, sê van al die besigheidskole in die land lewer dié skool van die beste navorsingsuitsette, ten spyte van hul klein personeelkorps. "Die standaard van die skripsies en ons personeel se navorsing is hoog. Ons is ook een van slegs twee besigheidskole in die land wat MBA-klasse in Afrikaans en Engels aanbied."

Hy sê personeel van die PBS het drie jaar lank intensief gewerk om die AMBA-akkreditasie te verwerf. Dit is beslis die kersie op die koek vir enige wêreldklas besigheidskool. "Ons kyk nou vorentoe na opwindende nuwe ontwikkelinge vir die PBS," vertel Tommy.

Een van die opwindendste verwikkelinge op die horison is splinternuwe fasiliteite wat spesiaal vir die PBS gebou word.



Prof Tommy du Plessis is die nuwe voorsitter van die Afrikaanse Handelsinstituut (AHI). Die AHI gebruik deesdae meestal dié akroniem omdat hulle hulself geposisioneer het as 'n inklusiewe organisasie wat die breër gemeenskap dien.

'n Ryke verlede

Daar kan egter nie vorentoe gekyk word sonder om te reflekteer op die ryke geskiedenis van die besigheidskool nie. Van die hoogtepunte wat die besigheidskool beleef het sluit die volgende in:

- 1964 ➔ Eerste innames by die besigheidskool.
- 1966 ➔ 'n MBA-graad word bekendgestel. (Die skool het aanvanklik net 'n honneursgraad in besigheidsadministrasie aangebied.)
- 1979 ➔ Die skool word 'n entiteit op sy eie. (Dit was voorheen deel van die ekonomiese fakulteit.)
- 1986 ➔ 'n Nuwe MBA-kwalifikasie word geïmplementeer.
- 1987 ➔ Eerste bestuursontwikkelingsprogram.
- 1992 ➔ Die Nagraadse Bestuurskool word die Potchefstroom Besigheidskool.



Die NWU se wenspan in die LexisNexis-kompetisie is van links mnr Lönngren Prinsloo, me Chrisna Landsberg (tutor) en me Edna du Toit.

"Dit was 'n geleentheid om te leer en om waardevolle ervaring op te doen. Ek het 'n liefde vir litigasie ontwikkel as gevolg van die kompetisie."
- Edna -

Regstudente wys hul staal in 'hof'

LEXISNEXIS

Regstudente van die NWU het onlangs aan twee skynhofkompetisies deelgeneem. In Augustus het hulle aan die NWU se eie Juta-skynhofkompetisie deelgeneem, en in September aan die nasionale LexisNexis-skynhofkompetisie.

REGSTUDENTE VAN die Potchefstroom-kampus het die LexisNexis-skynhofkompetisie gewen wat van 8 tot 12 September in Port Elizabeth gehou is.

Die span, bestaande uit me Edna du Toit en mnr Lönngren Prinsloo onder leiding van hul tutors, me Chrisna Landsberg, prokureur by die Regskliniek, en mnr Braam Klaasen, dosent van die Fakulteit Regte en die Regskliniek, het 21 ander spanne van universiteite van

regoor die land in die stof laat byt. Hulle het vir die "staat" betoog in 'n saak van aanranding met die opset om ernstig te beseer.

Dit is die sesde opeenvolgende jaar dat 'n span van die Potchefstroomkampus die kompetisie wen.

Tydens die LexisNexis-skyhverhore word kriminele sake gesimuleer en kan studente getuies ondervra en kruisondervra, en openings- en slot-argumente lewer soos in 'n regte verhoor.

'N SPAN tweedejaarstudente van die Mafikengkampus het die NWU se interne Juta-skynhofkompetisie gewen nadat hulle die span van die Vaaldriehoek-kampus in die finale rondte uitgeskakel het.

JUTA

DIE SPAN

Die lede van die wenspan is mnr Oarabile Isaac Modiko, mnr Reitumetse Senaoana, mnr Kadafi Lehabe en me Linda Mhlong. Hulle het vir die "verdediging" opgetree in 'n saak van aanranding tydens gesinsgeweld.

HUL TERUGVOER

Spanlede sê die kompetisie was 'n goeie ervaring wat 'n betekenisvolle bydrae tot hul loopbane sal lewer wanneer hulle regspraktisyns is.

Die Juta-skynhofkompetisie is die geesteskind van adv René Koraan van die Fakulteit Regte op die Potchefstroomkampus. "Die skyhverhore help om die studente voor te berei vir hulle loopbane en leer hulle hoe die stelsel werk," sê sy.

Die kompetisie was oorspronklik vir studente van die Potchefstroomkampus, maar al drie kampusse is sedertdien daarby betrek.

Boek fokus op Fakulteit Natuurwetenskappe

DIE FAKULTEIT Natuurwetenskappe op die Potchefstroomkampus vra alle oudpersoneel en alumni vir bydraes vir 'n boek oor die geskiedenis van dié fakulteit.

Volgens prof Jan Geertsema, projekbestuurder, sal die boek ongeveer 300 bladsye beslaan. Hulle beoog ook 'n moontlike e-boek.

"Die klem is op akademiese werk, maar ons beoog 'n interessante verteltrant wat

die boek pure leesplezier sal maak. Daar is dus heelwat ruimte vir herinneringe, staaltjies en interessante foto's."

Die boek sal in Afrikaans verskyn. Dit word saamgestel onder leiding van 'n redaksiekomitee wat bestaan uit prof Elize van Eeden, redakteur, prof Piet Prinsloo, adviseur en prof Jan Geertsema, projekbestuurder.

Stuur jou bydraes so gou as moontlik na me Tumi Letsie, skakelbeampte van die Fakulteit Natuurwetenskappe, by tumi.letsie@nwu.ac.za. Vir enige navrae skakel Tumi by 018 299 2711.



Konferensie oor ernstige speletjies plaas Vaal in kollig

DIE FAKULTEIT Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstechnologie op die Vaaldriehoekskampus het onlangs geskiedenis gemaak toe hulle die eerste Internasionale Konferensie oor Ernstige Speletjies in Suid-Afrika aangebied het.

Die tema van die konferensie was: "Serious Games to the Rescue", en het gefokus op die waarde wat ernstige speletjies vir leerders en studente het om hulle te help met vakke soos wiskunde.

Afgevaardigdes van regoor die wêreld het die geleentheid by die Quest-konferensiesentrum in Vanderbijlpark bygewoon. Dit is deur die Serious Games Institute-SA (SGI-SA), 'n dinamiese eenheid binne die fakulteit, aangebied.

Die drie dae lange konferensie het 'n interaktiewe werkswinkel deur die wêreldbekende speletjieontwerper, dr Ernest Adams, ingesluit.

'n Animasieateljee van Kaapstad, bekend as Sea Monster, het 'n omvattende aanbieding gedoen oor 'n ernstige speletjie oor huiseienaarskap (HOZZ-IT) wat binnekort vrygestel gaan word.

Die konferensie het ook gefokus op huidige projekte wat in Suid-Afrika aan die gang is, insluitende die SGI-SA se eie Mandela27 interaktiewe grafiese novelle.

"Die konferensie was 'n reusesukses," sê mnr Werner Ravyse, bestuurder van SGI-SA.

Ontleder meet sportprestasie

DIE MAFIKENKAMPUS het 'n ultramoderne VO₂ max-ontleder aangeskaf wat gebruik word vir die meting van atlete se kapasiteit vir aërobiese oefening om hulle te help voorberei vir kompetisies.

Die navorsing sal hoofsaaklik fokus op die spelers van die Sokkerinstituut en uitreikprogramme in en om landelike dorpe in die distrik.

VO₂ max is die maksimumkoers van suurstofverbruik gedurende oefening, gewoonlik op 'n trapmeule, en gee 'n aanduiding van 'n persoon se kardiovaskulêre uithouvermoë. Meting van die sokkerspelers se uithoukapasiteit gee 'n aanduiding van hoe hulle tydens kompetisies sal presteer.



By die VO₂ max-ontleder is van links mnr Tom Heer van TDH Medical, mnr Pieter Boer en prof Petrus Botha, dekaan van die fakulteit Geestes- en Sosiale Wetenskappe.

NWU se sonkar maak vol met sonskyn

DIE POTCHEFSTROOMKAMPUS het sy staal gewys in die 2014 Sasol Solar Challenge wat van 27 September tot 4 Oktober plaasgevind het en hul sonkar, die Sirius X25, het algeheel vierde geëindig.

Die span was tweede van die Suid-Afrikaanse deelnemers, net 60 km agter die Universiteit van KwaZulu-Natal en 700 km voor die Universiteit van Johannesburg wat vyfde was. Delft Universiteit vir Tegnologie het die wedren gewen.

Aangesien hierdie wedren mededingers met kundigheid in

wetenskap, tegnologie en ingenieurswese lok, bly dit 'n reuseprestasie om 2 360,6 km ver te ry (meer as dubbel wat die span in 2012 afgelê het), en dit net met sonkrag.

Die span het die prys gekry vir die verste afstand per dag afgelê deur 'n Suid-Afrikaanse span in die geskiedenis van die Sasol Solar Challenge en ook die spankommunikasietoekenning vir uitmuntende sosialemedia-betrokkenheid.

Die Sasol Solar Challenge vind elke twee jaar plaas. Dit is 'n vertoonvenster vir die vordering in navorsing oor volhoubare vervoer en gee ook 'n hupstoot aan gevorderde wetenskap, tegnologie en ingenieurswese. In 2012 het die NWU die tweede plek met 'n Japannese span van Tokai gedeel.



Kampus stel nuwe viserektor aan

PROF LUVUYO Lumkile Lalendle, voormalige direkteur vir kwaliteitsbevordering en -versekering by die Universiteit van KwaZulu-Natal, is aangestel as die nuwe viserektor vir onderrig, leer en kwaliteitsversekering op die Mafikeng-kampus.

Lumkile werk reeds die afgelope 28 jaar lank by hoëronderrigswinstellings in Suid-Afrika en die Verenigde State van Amerika.

Hy het uitgebreide ervaring en kennis van strategiese beplanning, bestuur van verandering, ontwikkeling van hoëprestasiewerkstelsels, diversiteit en gelykheid, mensehulpbronbestuur en arbeids- en nywerheidsverhoudinge.



Prof Luvuyo Lumkile Lalendle, die nuwe viserektor vir onderrig, leer en kwaliteitsversekering, sê sy leuse is om dinge eenvoudig te hou en dit goed te doen.

Lumkile dien op verskeie professionele liggamme soos die Raad van Trusteats van die Thohoyandou Victim Empowerment Programme en die Raad van die Universiteit van Venda. Hy is ook lid van die paneel wat die Nasionale Erfenisraad in Suid-Afrika en die Minister van Kuns en Kultuur adviseer.

“Die Mafikengkampus moet deurlopend die gehalte van die studente-ervaring verbeter en sodoende ons onderwyslandskap transformeer sodat die universiteit gelyke ervarings vir studente kan bied,” sê hy.



Vaal wil die wêreld verander deur Enactus

ENTREPRENEURS HET groot idees met die potensiaal om die wêreld te verander. Met dit in gedagte het die studentegemeenskap onlangs deel geword van die wêreldwye beweging, Enactus.

Enactus is 'n internasionale organisasie sonder winsoogmerk wat studente, akademici en sakeleiers saamsnoer deur verskeie gemeenskapsbemaatigingsprojekte regoor die wêreld te skep en te implementeer.

Dit wat al die deelnemers in gemeen het, is dat hulle almal daartoe verbind is om die mag van entrepreneuriese optrede in te span om die lewensgehalte van behoeftige mense te verbeter.

Verskeie nasionale en internasionale kompetisies vind jaarliks plaas wat kreatiwiteit aanmoedig en resultate beloon en dit lei uiteindelik tot sterker programme en die verbetering van meer lewens.

Die finale rondte van die nasionale kompetisie vir 2014 het in Sandton plaasgevind. Vanjaar het 26 spanne (wat 2 404 studente verteenwoordig) van Suid-Afrika aan die kompetisie deelgeneem.

Die Enactus Vaal-span het ook vir die eerste keer aan die kompetisie deelgeneem en 'n algehele derde plek behaal in die kategorie vir die toepassing van tegnologie in die besigheidsomgewing.

Akademikus ontvang navorsingsleerstoel van WHO



Prof Wilma Viviers is een van slegs sewe kandidate ter wêreld om 'n WHO-leerstoel hierdie jaar te ontvang. Mnr David Shark, adjunkdirekteur-generaal van die WHO, prof Dan Kgwadi, die NWU se visekanselier en mnr Maarten Smeets van die WHO wens haar geluk by die WHO-leerstoel se bekendstelling.

DIE WÊRELDEHANDELSORGANISASIE (WHO) in Genève het een van sy gesogte leerstoel aan prof Wilma Viviers, leier van die TRADE-navorsingsentiteit op die Potchefstroomkampus toegeken.

Wilma se baanbreker-navorsing oor handel en ontwikkeling – wat die manier waarop plaaslike uitvoerders buitelandse markte assessee, herdefinieer – het vir haar 'n plek as een van die voorstes in haar beroep verseker. Sy is formeel op Woensdag 17 September 2014 vereer as een van sewe kandidate wêreldwyd wat uit 'n groep van ongeveer 80 aansoekers deur die WHO gekies is vir sy nuutste leerstoelprogram.

Wilma sê die WHO-leerstoel bied aan haar en haar TRADE-span 'n geleentheid om by te dra tot die beleidsdebat deur hoëvlaknavorsing en betrokkenheid, in 'n tyd wat handelsverwante uitdagings en vraagstukke oor globale mededingendheid hoog op die agenda is – in Suid-Afrika sowel as in die omliggende streek.

“Die leerstoel sal ook verseker dat die NWU op die voerpunt van navorsing bly.”



Mnr Wikus Botha sê die Cricket Centre of Excellence wil 'n platform skep waarvandaan plaaslike talent in toekomstige krieketsterre ontwikkel en omskep kan word.

Opwindende krieket-era wag

DIE VAALDRIEHOEKKAMPUS breek nuwe grond vir sport en die nuwe Cricket Centre of Excellence is die diamant in die kroon van die Departement Sport.

Die sentrum kombineer voorpunt-tegnologie soos video-analise met die nuutste afrigtingsmetodes om 'n wetenskaplike basis te skep waarvandaan jong spelers en afrigters gementor en ontwikkel word.

Die sentrum kan 32 manlike en 32 vroulike spelers tussen die ouderdomme van 13 en 19 akkommodeer. Aan die stuur van sake is mnr Wikus Botha, voorheen 'n speler vir die Noordwes Drake.

Wikus sê die kampus werk daarna om binne die volgende drie jaar deel van die Premier-liga te word.

Die Gautengse Krieketraad het onlangs die loodsing van 'n Promosie-liga aangekondig vir die agt belowendste spanne wat tans nie in die Premier-liga deelneem nie. Die wenner van hierdie liga sal dan outomaties opskuif na die Premier-liga. "Dit kan die kampus se ontwikkelingsiklus 'n groot hupstoot gee," sê Wikus.



Een van prof TT Cloete se gedigte is reeds in die Frans du Toit-gebou gemonteer.

Woorde wat inspireer

'N PROJEK OM geskrewe skatte in verskeie tale 'n hupstoot te gee, word binnekort op die Potchefstroomkampus geloods. Gedigte van plaaslike en internasionale digters sal op plaatjies teen mure, sygaardjies en op standers oral op die kampus aangebring word.

Prof Wannie Carstens, direkteur van die Skool vir Tale, sê die projek word sedert 2012 ontwikkel.

Daar is reeds 'n paar gedigte in die Frans du Toit-gebou gemonteer. Personeel van die Skool vir Tale sal binnekort 'n paar plekke op die kampus identifiseer waar die volgende gedigte vertoon sal word.

Volgens Wannie is Lovers Lane eerste op die lys vir die aanbring van 'n reeks gedigte van plaaslike digters wat onder andere prof TT Cloete, prof Heilna du Plooy, prof Hans du Plessis, prof Ettiëne Terblanche, prof Hein Viljoen, prof Jan Swanepoel en prof Bernard Odendaal sal insluit.

Aanvanklik sal gedigte in Afrikaans, Engels en Setswana voorkeur kry, maar personeel en studente is uitgenooi om voorstelle van gedigte in enige taal te maak.



Projek bevoordeel informele dagsorg

'n Gemeenskapsuitreikprojek geïnisieer deur die Fakulteit Opvoedkunde op die Mafikengkampus gaan informele dagsorgsentrums in en om Mafikeng help.

Dr Myrtle Erasmus het die projek met die hulp van prof Dawid Gericke, dekaan van die fakulteit, geïnisieer nadat sy besef het dat kinders wat die informele dagsorgsentrums bywoon nie aan die nodige leerprogramme blootgestel word nie. Die oogmerk van hierdie projek is om die versorgers op te lei, om leiding te gee

wat betref die bestuur van die sentrums en om hulle bekend te stel aan die tipiese dagprogram wat gevolg word by dagsorgsentrums.

Tans het die projek slegs die nodige kapasiteit vir 10 skole, maar volgens Myrtle is die behoefte heelwat groter.

Versorgers van ongeveer 40 skole of sentrums woon die opleidingsessies by wat Myrtle en dr Elsabe Wessels, beide dosente in Grondslagfase-onderwys, aanbied.

Mamo T Hos Day and Baby Care Centre is een van die informele dagsorgsentrums wat tans deur dr Myrtle Erasmus se uitreikprojek gehelp word.

UNW-raadslid

Alec was lid van die voormalige Universiteit van Noordwes (UNW) se raad, eers in sy hoedanigheid as voorsitter van die Verteenwoordigende Studenteraad en later as penningmeester van die UNW se alumni-vereniging.

Hy was 'n raadslid tydens 'n "interessante tyd" toe die UNW en die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys voorberei het vir 'n samesmelting. "Dit was baie belangrik vir die land en toekomstige studente dat die nuwe instelling 'n sukses moes wees."

Jeugleier

se erfenis leef voort

Mnr Alec Moemi, direkteur-generaal van Sport en Rekreasie Suid-Afrika, was een van die ontvangers van 'n NWU Alumni-toekenning vir 2014. Dit is 'n toekenning wat hy sê hy vir altyd sal koester.

ALEC SAL ONTHOU word vir sy aktiewe betrokkenheid as 'n studente-leier terwyl hy sy BJuris-graad voltooi het aan die Universiteit van Noordwes (UNW) – nou die Mafikeng-kampus van die Noordwes-Universiteit.

Hy is in 1997 verkies as lid van die Verteenwoordigende Studenteraad (VSR) en was voorsitter vir twee termyne (1998 en 1999).

Sy studente-leierskap was egter nie beperk tot die voormalige UNW nie. Hy het ook deelgeneem aan nasionale organisasies soos die Congress of South African Students (Cosas), die South African Students' Press Union (Saspu) en die South African Students' Congress (Sasco).

Jongmense na aan sy hart

Alec stel nog altyd belang in die ontwikkeling van jongmense. Hy was betrokke by nieregeringsorganisasies wat met die jeug werk en was die nasionale administrateur vir die ANC Jeugliga. Hy het later bestuurder geword van die Umsobomvu Youth Fund (nou die Nasionale Jeugontwikkelingsagentskap), en hoof-uitvoerende beampte van die destydse Vrystaatse Jeugkommissie.

Die ontwikkeling van sporttalent van skoolvlak af is een van sy prioriteite sedert sy aanstelling

as *direkteur-generaal van Sport en Rekreasie Suid-Afrika (SRSA) in November 2011. Hy moedig 'n skolesportprogram aan met liggaamlike opvoeding as 'n leerarea in die kurrikulum van elke skool.

Lof vir die NWU

Alec prys sy alma mater omdat dit intussen in 'n uitstekende akademiese instansie ontwikkel het. "Die Noordwes-Universiteit is vandag 'n skitterende voorbeeld van wat met gedeelde hulpbronne en kundigheid vermag kan word om 'n soliede instelling vir die toekoms te bou."

As 'n NWU-alumnus respekteer hy die universiteit se missie om toekomstige jong leiers vir die land op te lei en is hy besonder trots op die hoë gehalte van onderwys wat hier aangebied word.

Alec leef steeds volgens die universiteit se motto en leuse. "Ek is dankbaar vir die grondslag wat gelê is en die waardes wat ek geleer het terwyl ek 'n student was."

* Alec is die administratiewe hoof van SRSA, wat deelname aan sport en rekreasie aanmoedig, terwyl Minister Fikile Mbalula die politieke hoof van die SRSA is.

SY STUDIES

Hy het sy BJuris-graad aan die voormalige Universiteit van Noordwes (nou die NWU se Mafikeng-kampus) behaal, gevolg deur 'n meestersgraad in politieke bestuur en transformasie by die Universiteit van die Vrystaat. Hy het ook korporatiewekommunikasiebestuur by Wits se Besigheidsskool studeer, en het 'n sertifikaat in openbare betrekkinge.

**SY LOOPBAAN**

Hy het onder andere ervaring as 'n entrepreneur, streeksbestuurder van 'n bank in Bloemfontein, en hoofdirekteur in die Kantoor van die Premier van die Vrystaatse Provinsiale Regering. Hy is tans direkteur-generaal van Sport en Rekreasie Suid-Afrika.

'N LEIER eerder as 'n baas

Volharding en moed is woorde wat die wese van me Ayanda Nakedi, alumna van die Potchefstroom Besigheidskool, die beste beskryf.

ME AYANDA NAKEDI, senior algemene bestuurder, het behoorlik opgang gemaak by Eskom – sy het begin as kleinkasklerk, maar is nou in beheer van die energieverkaffer se eenheid vir hernubare energie.

Onder haar leiding is Eskom besig met die implementering van die 100 MW Sere-windplaas naby Vredendal in die Wes-Kaap en 'n 100 MW sonkragaanleg in Upington.

“Hierdie projekte weerspieël Eskom se verbintenis tot diversifikasie van die energiemengsel, verklein die koolstofvoetspoor en verseker voorsiening-sekureiteit,” sê Ayanda. “Die hernubare aanlegte sal mettertyd netwerkpariteit bereik en die huidige energiepryse afbring.”

Geen plaasvervanger vir kennis

Hierdie lewenskragtige vrou het al 'n verpad gekom sedert die dag toe sy kaalvoet skool toe geloop het nadat sy haar skoene iewers langs die pad verloor het. Hierdie herinnering uit haar kinderjare motiveer haar steeds. Haar ma se harde werk en die opofferings wat sy ter wille van haar kinders gemaak het, het Ayanda aangespoor om altyd beter te probeer doen.

“Daar is geen plaasvervanger vir kennis nie. Dit is nodig om mens se kennisbasis voortdurend uit te bou om sakebesluite te kan neem.”

Oorwin kanker

In 2010 het Ayanda 'n persoonlike stryd gestry toe sy met borskanker gediagnoseer is. Sy het aanhou werk terwyl sy chemoterapie ontvang het en het besluit om nie toe te laat dat die kanker haar beheer nie.

Die kanker is nou in remissie en

sy praat graag oor haar stryd teen borskanker om ander mense te inspireer.

By die huis

Ayanda waak jaloers oor haar tyd saam met haar gesin. “Ek het lank gelede al aanvaar dat dit onmoontlik is vir vroue om ons professionele en moederlike pligte op dieselfde vlak te bemeester. Dit is egter belangrik om ekstra moeite te doen om in jou kinders se lewens teenwoordig te wees,” sê sy.

Sy voeg by dat 'n onwrikbare ondersteuningstelsel in haar private en openbare lewe onontbeerlik is om die rol van vrou en ma met haar loopbaan te kan balanseer. Haar man se ondersteuning in hierdie verband help haar om groter hoogtes te bereik. Vir ontspanning hou sy daarvan om naweke saam met vriende en familie te gaan stap, wanneer sy haar verlustig in die geleentheid om te ontspan en te mediteer.

Baas van die Jaar

In 2013 was Ayanda die ontvanger van die gesogte Baas van die Jaar-leierskapstoekening. Die doelwit met hierdie toekening is om leiers in die Suid-Afrikaanse werkplek te identifiseer.

Volgens Ayanda is die geheim van leierskap om jou inherente karakter te ken sowel as die karakter wat jy wil hê die organisasie moet hê. “Klassieke leierskap in die werkplek vereis visionêre strategie, bevoegdheid, empatie en operasionele uitnemendheid. Laastens moet leiers gewillig wees om 'n bydrae te maak vir 'n goeie doel sonder persoonlike gewin.”

Van 'n kaalvoetleerder tot 'n vooraanstaande kundige in hernubare energie en 'n kankeroorwinnaar – Ayanda se reis het nou eers begin.



HAAR LOOPBAAN

Haar loopbaan strek reeds oor 20 jaar, vyf bestuursaanstellings en die totstandbrenging van die hernubare besigheidseenheid in 2011. Laasgenoemde is daarvoor verantwoordelik om Eskom se koolstofvoetspoor te verklein deur die opwekking van elektrisiteit uit alternatiewe energiebronne.

HAAR STUDIES

Ayanda het 'n BCom Rekeningkunde-graad en 'n Hoërondervysdiploma by Rhodes-Universiteit behaal en in 2001 haar MBA by die Noordwes-Universiteit. Sy het ook 'n Bestuursbevorderingsprogram by se Wits se Besigheidskool voltooi.



Sukses *is sy enigste opsie*

Onderwys is die sleutel tot vooruitgang vanaf 'n nederige begin. Laat dit die padkaart na jou drome toe wees, sê mnr Sipiwe Mbatha, alumnus van die Vaaldriehoekampus.

SIPHIWE HET IN die stofstrate van Evaton grootgeword. Dit het beteken dat hy elke dag 10 kilometer Sebokeng toe en terug moes stap om Beverly Hills High School by te woon, maar hy het altyd geweet dat dit die moeite werd sou wees.

Hy was reg. As 'n strategiese prysingsanalise by Total SA het hy homself reeds gevestig as 'n jong professionele persoon met groot planne om bo uit te kom.

Sipiwe beskryf homself in twee kort sinne: "Ek het geen gebrek aan selfvertroue nie en ek glo in my eie vermoëns. Ek is baie mededingend en ek glo dat sukses my enigste opsie is."

Werk hard, speel hard

Tydens sy BCom-studies het hy betrokke geraak by die georganiseerde studentelewe. As 'n inwoner van die Thuthuka-koshuis is hy reeds in sy eerste jaar as lid van die huiskomitee verkies.

Die hoogtepunt van sy studentejare was sy verkiesing as voorsitter van die Verteenwoordigende Studenteraad (VSR) in 2009. Hy was ook voorsitter van die Institusionele VSR. Die trotsste oomblik was toe hy in dieselfde jaar die Rektorstoekening vir Uitnemendheid in Studenteleierskap ontvang het.

Sipiwe was destyds besig met 'n BComHons-graad en was ook die ontvanger van die toekening vir die beste akademiese prestasie deur 'n studenteleier.

Daarby was hy die voorste doelskopper op die sokkerveld, die openingsbouler van die universiteit se eerste krieketspan, en het hy erekleure ontvang vir liggaamsbou.

"My doelwitte was duidelik: studeer hard, speel hard en lei deur 'n voorbeeld te stel. Ek wou sukses behaal en ek het geweet dat ek elke dag hard sou moes werk daarvoor," sê hy.

Alma mater

Sipiwe bly steeds in kontak met sy alma mater en besoek die kampus gereeld.

Volgens hom het die veelrassige aard van die kampus hom verdraagsaamheid, respek en begrip geleer. "My betrokkenheid by die universiteitsbestuur, die studentege-meenskap en die ander studenteleiers was die grootste bydrae tot my professionele loopbaan en persoonlike groei."

Dubbel of niks nie

Alhoewel Sipiwe arm grootgeword het, het hy inspirasie

geput uit sy ma se wil om gelukkig te leef en in moeilike tye te volhard. Sy het hom en sy broers en susters in 'n liefdevolle huis grootgemaak.

Vandag is Sipiwe die pa van 'n "slim en energieke" vyfjarige seuntjie en hy beplan om voor die einde van die jaar verloof te raak aan die liefde van sy lewe.

Hy leef volgens die gunstelingsêding van die voormalige rektor van die kampus, prof Piet Prinsloo: "If it is to be, it is up to me." Met wyse woorde soos hierdie om hom op sy pad te begelei, is sukses sekerlik die enigste opsie.

Sipiwe (regs) het 'n tweelingbroer, Sipho, aan wie hy sy sukses in leierskap toeskryf. "Alles was altyd 'n kompetisie tussen ons. Dit het my gedryf om die beste te wees met alles wat ek doen."



SY STUDIES

Met 'n A+ in ekonomie op sy matrieksertifikaat het Sipiwe in 2006 ingeskryf vir 'n BCom-graad (Internasionale Handel en Bemarking) op die Vaaldriehoekampus. Hy het ook 'n BComHons-graad (Ekonomie) voltooi.

SY LOOPBAAN

Hy het sy loopbaan in die bankwese begin, toe aanbeweeg na vinnig bewegende verbruikersgoedere, telekommunikasie, en uiteindelik die energie- en petroleumbedryf. Vandag is hy 'n strategiese prysingsanalise by Total SA.

Altyd hoër – van myner tot **REGSKENNER**

Dr Sejake Senatle, alumnus van die Mafikeng-kampus, is die eerste en enigste swart lid van die Noordwes Balie met 'n LLD-graad. Daarby het president Jacob Zuma ook in April vanjaar die status van senior advokaat aan hom verleen.

MENS KAN NIE die tyd terugdraai nie, sê dr Sejake Senatle, maar as hy kon, sou hy teen dié tyd seker al 'n spreekwoordelike "rocket scientist" gewees het.

"Die verlede, hede en toekoms is afhanklik van die wetenskap. Ek wens ek was nog jonk. Ek sou die wetenskapsgeleenthede ten volle benut het. Ek het besef dat elke nasie op aarde heelwat meer sal moet belê in die opleiding van jong wetenskaplikes."

Hy het 'n projek "Groom a Scientist" begin wat leerders aanmoedig om in die wetenskappe te gaan studeer. "'n Kwaliteitsewige is die eindproduk van wetenskaplike studies en loopbane," sê hy.

"Kyk maar na groot wetenskaplike projekte soos die Medupi-kragstasie en die SKA-telekoop in die Noord-Kaap."

Gaan ondergronds

Sejake is gebore op die randjie van die suidelike Kalahariwoestyn en het in verarmde omstandighede grootgeword. Seuns het destyds selde verder as Sub B (graad 2) gevorder.

"Ons was maar almal skooler-skaapwagters. Jy gaan skool toe in die oggend en van daar af reguit veld toe."

Dit is moeilik om te glo dat hierdie gerespekteerde regskenner tydens skoolvakansies ondergronds as rotsboor-operateur gewerk het. Ná matriek het hy 'n voltydse myner geword

voordat hy in die staatsdiens begin werk het as hofklerk en -tolk.

"Die werksomstandighede hier was ten minste beter as om vir 10 ure op 'n keer ondergronds te werk. Dit het daartoe gelei dat ek geleidelik 'n belangstelling in die regte ontwikkel het," sê hy.

Styg uit as regskenner

Al sy regs kwalifikasies (kyk teksblokkie op p 23) is behaal deur deeltydse studie. Om gelyktydig te werk en te studeer was uitdagend, maar sy harde werk en toewyding is uiteindelik met sukses bekroon. Sejake sê hy het hierdie eienskappe by sy pa geërf, wat "letterlik nie sy eie naam kon lees of skryf nie" maar altyd deurgedruk het in moeilike tye.

Die Senatle-gesin van 10 het in 'n modderhut gebly en op beddens geslaap wat van boomtakke aanmekeargesit was.

Sy pa, die gesin se enigste broodwinner, is in 'n ondergrondse rotsstorting verlam en het daarom sy werk by die myn verloor. Boonop het 'n ernstige droogte die gesin se laaste oorblywende vee uitgewis.

Hierdie herinneringe maak Sejake weemoedig. "My pa het nie opgegee nie. Hy het begin om seisoenale werk op die plase te doen; hy het draad gespan en stene gemaak vir die plaaslike mense. Hy was verlam, so dit was my taak as oudste seun om hom te help met hierdie swaar fisiese werk."

Teen alle verwagtinge in

In sy gelukwense aan Sejake met sy nuwe status as senior advokaat het die Premier van die Noordwes-provinsie, mnr Supra Mahumapelo, sy prestasie as 'n triomf vir die menslike gees beskryf en groot lof gehad vir sy vasberadenheid om teen alle verwagtinge in te presteer.

In 'n verklaring deur sy kantoor het hy gesê dit behoort Sejake se eweknieë, kollegas in die

regsberoep en leerders wat uit moeilike omstandighede kom, te motiveer om hul drome na te jaag.

Sejake is vol lof vir die Suid-Afrikaanse regstelsel.

"Die enigste hoop vir ons reënboognasie is ons regstelsel en spesifiek ons howe. Kyk byvoorbeeld na sake wat hof toe geneem word, veral deur opposisiepartye;

ons howe is onpartydig en dus regverdig."

Gedurende sy loopbaan het hy as voorsitter opgetree en getuies ondervra in verskeie kommissies van ondersoek, plaaslik en internasionaal referate gelewer, en in regstydskrifte gepubliseer. Hy is ook aangewys as raadslid van die nuwe Sol Plaatje-Universiteit in Kimberley.

SY STUDIES



Sejake het sy BJuris- en LLB-graad in onderskeidelik 1989 en 1994 aan die voormalige Universiteit van Bophuthatswana behaal. Hy het sy LLM in 1998 deur Howard Law College behaal, sy LLD in 2003 deur die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, en Arbitrasiesertifikate (SA) in 2004.



“Mik altyd hoër as die res.”



SY LOOPBAAN

Hy het vir meer as 20 jaar lank verskeie poste in die staatsdiens beklee. Ná sy aftrede as senior staatsaanklaer het Sejake in 2003 'n advokaat geword en met 'n privaatspraktyk begin. Hy het ook vir drie termyn gedien as ondervoorsitter van die Balieraad, en vanaf 2006 tot 2009 as voorsitter van die Noordwes Behuisingstribunaal. Daarby is hy ook 'n kolonel in die Nasionale Weermag en dien hy as 'n Krygshofregter.

Op die tuisfront

Sejake is getroud en die egpaar het vier kinders. Sy gesin is sy lewe en maak hom gelukkig, sê hy.

Nog iets wat vir hom vreugde bring, is sy plaas. Hy is 'n kommersiële boer en 'n Bonsmara-satellieteler in die Noordwesprovinsie, aangewys deur die Departement Landbou. Hy help opkomende boere met hoëgehalte genetiese materiaal vir Bonsmarabeeste. Hy boer ook met bokke.

“Boer en tuinmaak hou my fiks. Ek werk nog aan my 'six-pack,'” spot hy.

Mik altyd hoër

Jare later, in 2002, moes Sejake sy loopbaan in die staatsdiens laat vaar weens ernstige rugpyn wat waarskynlik 'n gevolg was van die swaar hande arbeid wat hy in sy jeug moes doen.

Vandag is hy dankbaar vir die lesse wat hy by sy pa geleer het. Dié wyse man het daarop aangedring dat sy kinders hoër moet mik, goeie werk vind en nie as hande arbeiders moet werk nie.

Die patriarg van die Senatle-gesin het ongelukkig nie lank genoeg geleef om te sien hoe sy oudste kind die toppunt van die regsberoep bereik nie, maar Sejake bring nog elke dag hulde aan sy pa deur sy gemeenskapswerk.

Sy raad aan studente eggo wat sy pa altyd vir hom gesê het. “Mik altyd hoër as die res.”

Werk steeds hard

As advokaat met sy eie praktyk in Mafikeng het Sejake nie veel tyd vir ontspanning nie. Hy werk 12 ure per dag en onderbreek net sy werk om sy kinders skool toe te vat en 'n uur elke dag te oefen.

Hy sien uit na die publikasie van sy eerste doktorale proefskrif en na die voltooiing van sy tweede doktorale proefskrif binne die volgende vyf jaar.

Sejake sluit die onderhoud af deur te sê dat hy nog steeds die behoefte het om iets groots te doen ter nagedagtenis aan sy pa. Te oordeel na sy luisterryke loopbaan en die SC (Senior Advokaat) agter sy naam is dit duidelik dat hy presies dit reeds gedoen het.





Avonturier, liberalis, Afrikaner...

Die 37 jarige dr Frans Cronjé, alumnus van die Potchefstroom-kampus, is 'n Afrikaner wat liberale waardes aanhang en mal is oor avontuur.

OM DIE TOEKOMS te voorspel waarop sakeryke hul suksesse moet bou verg toewyding, navorsing en 'n passie vir dit wat om jou aangaan.

Aan dié vereistes voldoen dr Frans Cronjé, scenario-beplanner en hoof van die Instituut vir Rasseverhoudinge (IVR), beslis.

Frans het vroeër vanjaar die pos as hoof van die IVR by John Kane-Berman oorgeneem.

Die IVR bestaan reeds sedert 1929 toe 'n paar baanbrekers besluit het om navorsing oor rasseverhoudings te doen. Hulle het op hul beurt 'n baie sterk standpunt teen Apartheid ingeneem.

Vandag is die IVR 'n liberale dinkskrum wat idees en beleidsoplossings wat tot beleggings en ekonomiese groei lei, bevorder.

Frans, 'n oud-polisieman, het sy doktorsgraad in scenario-beplanning op die Potchefstroom-kampus van die NWU behaal.

"My studies was 'n poging om 'n metodologie te ontwikkel om die langtermyn-toekoms van 'n land of ekonomie te bepaal.

"Die metodologie word deesdae wyd aangewend in ons werk vir groot maatskappye en ander kliënte – beide hier en in ander dele van die wêreld.

"Dit was veral bevredigend toe die ghoeroe van Suid-Afrikaanse scenario-beplanning, Clem Sunter, gesê het die werk wat ons by die NWU gedoen het, sal die land op die 'voorfront' van globale scenario-werk hou," sê hy.

Lof vir die NWU

Oor sy studies aan die NWU is Frans vol lof. "Dit is alles kommentaar op die kwaliteit van navorsing wat by die NWU gedoen kan word en die impak van die werk op Suid-Afrika. Ek moet hier dankie sê vir prof André Duvenhage van die NWU wie 'n groot rol in die projek gespeel het.

Vinnige feite

Stokperdjies: Hengel, jag, werk met honde.

Gunstelingboek: Peter Godwin se *Mukiwa* – die beste boek wat al oor moderne Afrika geskryf is.

Kos: Vrystaatse skaapvleis op die kole.

Drankie: Dit wissel tussen Red Heart en Coke of 'n goeie enkel-malt.

Lewensleuse: Wayne Gretzky se aanhaling: *"I missed every shot I did not take."*

"Ek het my nagraadse studies by die NWU baie geniet. Een ding wat vir mens baie sê oor 'n universiteit is die administrasie. By die NWU was dit puik."

In sy opinie is die NWU se standaard baie hoog en is die universiteit dus 'n topkeuse vir jong mense – wit en swart (en hul ouers) – wie die beste moontlike graad wil kry.

Boek gee toekomsblik

Kort ná sy aanstelling by die IVR is Frans se boek, *A Time Traveller's Guide To Our Next Ten Years* (Tafelberg 2014) gepubliseer.

Hierdie boek is deur die veteraan-politieke joernalis en skrywer, Max du Preez, as "prikkelend" beskryf. Max het ook gesê Frans is "'n belowende onlangse byvoegsel tot ons arsenaal openbare intellektuele... en een van hopeloos te min Afrikaanssprekende intellektuele wat ook buite Afrikaanse kringe beweeg."

Pas aan of sterf uit

Net soos met sy reise, is sy werk by die IVR ook vol avontuur en uitdagings. Hy erken byvoorbeeld dat die pad nie altyd maklik is om beleid of konsepwetgewing te beïnvloed nie.

"Dit is geweldig moeilik – veral omdat so min mense en organisasies bereid is om aktief betrokke te raak by die idee dat beleidshervor-

SY STUDIES

Hy het sy opleiding by St John's College en by Wits ontvang. Hy het 'n meestersgraad in internasionale verhoudinge aan Wits behaal en sy doktorsgraad in scenario-beplanning aan die NWU.



SY LOOPBAAN

Hy het in 2004 by die navorsingsdepartement van die Instituut vir Rasseverhoudinge aangesluit. Sedertdien het hy die verantwoordelikheid oorgeneem vir die organisasie se bemerking en die Eenheid vir Risiko-analise in 2007 geloods.



Avontuur is sy kos

Van sy kinderdae af, dwarsdeur sy skoolopleiding aan St John's College in Johannesburg tot by sy huidige pos, het avontuur altyd 'n belangrike rol in sy lewe gespeel.

"Dit was 'n groot avontuur sowel as voorreg om vir amper 'n jaar lank tussen Kaapstad en Kairo te reis. Die Saharawoestyn – veral in Soedan – was beslis die hoogtepunt en ek sal vir seker na die Sahara toe terugkeer.

"Afrika ontwikkel nou baie vinnig en ek is bly ons kon die reis voltooi voordat die ekonomiese ontwikkeling werklik begin het.

"Ek dink avontuur is belangrik. Ek was as student vir vyf jaar lid van die polisie in Johannesburg, het in Amerika met perde gewerk, en het 'n jaar in die bosboubedryf as boomkapper gewerk. Sulke ervarings is belangrik vir jongmense en sal altyd 'n groter impak op hul lewens hê as enigiets wat hulle op universiteit sal leer."

Frans se volgende avontuur is om van oos na wes deur die Sahara te trek.

ming dringend nodig is. Dus staan die 'hervormers' – beide dié binne en buite die staat – gereeld alleen. Ons rol is om vir hulle alle moontlike steun te bied in terme van hoe om beleid te verander om die land om te draai."

Frans moedig sakeleiers aan om aktief deel te neem aan prosesse rondom verandering.

"Om 'n langtermyn toekoms vir hul besighede, werknemers en kinders te verseker moet alle moontlike steun aan die hervormers gegee word. Dit beteken dat hulle soms moeilike dinge sal moet sê en doen – of ten minste daardie organisasies en mense steun wat bereid is om sulke moeilike dinge te sê."

Raad aan jonges

Hy waarsku egter dat as ons nie die land se ekonomiese groei koers verdubbel nie, dit nie moontlik sal wees om mense te bemagtig nie. Sy raad aan jongmense is juis om ervaring op te bou en as entrepreneurs te ontwikkel.

"Ek dink ons moet erken dat Suid-Afrika wel in 'n dekade van al hoe dieper ekonomiese moeilikheid inbeweeg. Kry dus soveel buitelandse werkservaring as moontlik – veral buite Suid-Afrika in Afrika, wat baie vinnig sal groei oor die volgende 20 jaar. Dit sal verseker dat jy goed voorbereid is om terug te kom Suid-Afrika toe as entrepreneur.

"Ons sal groot getalle sulke entrepreneurs nodig hê om ons land om te draai. Maar daar is geen twyfel dat dit kan regkom nie – ons sou glad nie doen wat ons doen as ons self gedink het dit is te laat nie.

"Die eerste Cronjé's het in 1659 hier geland. Dié is ons land en ons hoort hier en nêrens anders nie. Die uitdaging is nou om vir ons kinders 'n toekoms in Afrika te verseker."



Kinders, honde en die see **MAAK HAAR BLY**



Dr Elmien Truter se PhD-studie was die eerste van sy soort in Suid-Afrika.

Dr Elmien Truter, alumna en dosent van die Vaaldriehoek-kampus, het kleintyd al haar hart oopgemaak vir mense wat minderbevoorreg, weerloos of in nood is.

AS DOSENT IN die Skool vir Gedragswetenskappe op die Vaaldriehoek-kampus het dr Elmien Truter 'n passie vir mense, haar godsdienst en haar studente.

Sy is 'n gebore Pretorianer wat ook saam met haar ouers in Potchefstroom gebly het. Haar pad het haar Kaap toe gevat waar sy die grootste deel van haar kinderjare in Vishoek deurgebring het.

Aan die kant van die weerloses

Haar pa het eerste besef sy dogter is 'n gebore maatskaplike werker.

"Vandat ek baie klein was het my ma en pa my altyd iewers in die winkels of op straat verloor. Dan kry hulle my by straatkinders of by iemand wat bedel. Ek weet nie hoe om onregverdigheid en mishandeling te ignoreer nie. My passie is ook sterk gekoppel aan my geloof in Jesus Christus," sê sy eerlik.

Om kinders te beskerm en om op te staan vir dit wat regverdig is, is haar passie. Sy haat kindermishandeling, dieremishandeling en enige vorm van onregverdigheid.

Elmien as student

Elmien was die eerste student om haar doktorsgraad aan die Vaaldriehoek-kampus te behaal nadat die kursus in maatskaplike werk in 2008 hier begin het.

Sy het haar tesis, "South African Social Workers at risk: Exploring pathways to their resilience", in 2011 begin. Die doel daarvan was om riglyne daar te stel vir toesighouers om veerkragtigheid onder statuêre maatskaplike werkers aan te moedig.

Dr Ansie Fouche, Elmien se studieleier, beskryf haar as iemand met dryfkrag en werksetiek wat haar lei om uitstaande werk te lewer.

... en as dosent

Hoewel Elmien se beroep soms met die donker kant van die lewe te doen kry, is haar studente vir haar 'n ligpunt. Sy geniet dit wanneer hulle krities dink en literatuur en wetgewing op gevallestudies toepas.

Omdat haar voete in beide die praktiese en akademiese wêreld staan, kan Elmien haar studente toerus vir die risiko's, uitdagings en struikelblokke wat op hulle wag.

Risiko's en uitdagings

"In Suid-Afrika dink ek die groot werksklas – werkers het tot 300 gevalle-lêers – en 'n tekort aan hulpbronne is van die grootste uitdagings.

"Maatskaplike werkers het soms nie motors om tuisbesoeke te doen nie en Suid-Afrikaanse maatskaplike werkers word soms ook met uitermatige geweld gekonfronteer. Ek het al gelees dat dit ook 'n realiteit vir maatskaplike werkers in Nieu-Seeland en Australië is. Maatskaplike werkers het al met hul lewe betaal om ander te help."

HAAR STUDIES



Elmien het haar BA-graad in maatskaplike werk in 2007 aan die Universiteit van Stellenbosch behaal, haar meestersgraad in forensiese maatskaplike werk in 2011 aan die NWU se Potchefstroom-kampus en haar PhD in 2014 op die Vaaldriehoek-kampus.



HAAR LOOPBAAN

Sy was 'n statutêre maatskaplike werker in Potchefstroom en later in Lutzville, voor sy in 2011 by die navorsingsfokusarea, Optentia (Vaaldriehoek-kampus) aangesluit het waar sy voltyds navorsing gedoen het vir haar PhD. In 2012 was sy 'n areabestuurder en maatskaplike werker in Kimberley, en in 2013 is sy as dosent op die Vaaldriehoek-kampus aangestel.



Roeping is die sleutelwoord

Elmien glo jy kan nie dié werk doen as dit nie vir jou 'n roeping is nie. Sy sê om planne te maak en op suksesse te fokus is belangrike toerusting vir 'n maatskaplike werker. Sy skryf haar eie veerkragtigheid toe aan haar deurstellingsvermoë en gefokusde uitkyk op dit wat belangrik is.

Vir haar is elke kind wie se omstandighede verbeter, elke mens wat sy kan help en elke maatskaplikewerkstudent wat sy kan toerus vir die beroep, die redes waarom sy elke dag met nuwe moed begroet. Dit, plus geloof, toewyding en 'n passie vir mense hou haar aan die gang.

So ontspan sy

Wanneer Elmien nie werk nie, maak sy graag tuin, speel met haar hond, fliék, lees nie-fiksie boeke of besoek 'n dieretuin of park. Tyd saam met haar familie is ook vir haar kosbaar.

Sy erken onomwonde sy is mal oor kos... "Oh my goodness, ek love kos! Dit is in ons Truterbloed... Enige goeie kos, ek is mal oor kookkos, bredies, braai, seekos, 'n lekker slaai, ... *the list goes on!*"



Kinders se lewens verander

Elmien vertel van een van haar hoogtepunte was toe sy twee kleuters uit hul biologiese pa se kloue kon red wat hulle seksueel misbruik het. Die Kinderhofverrigtinge het nege maande geduur en haar emosioneel uitgemergel.

"Dit was 'n tawwe saak. Ná forensiese assesserings en ander bronne van inligting kon ons bewys dat dit in die beste belang van die kinders was om in pleegsorg geplaas te word en om dringende en deurlopende gespesialiseerde terapie te ontvang.

"Ons kon die kinders by goeie pleegouers plaas en hulle floreer daar. Dis so lekker om te weet dit gaan baie goed met hulle."

Sy sê dit is slegs deur God se genade en naweke en nagte se harde werk dat die saak so 'n goeie uitkoms gehad het.

Sy is bewus van die beeld dat maatskaplike werkers wrede mense is wat kinders sommer links en regs verwyder. "Dis nie die waarheid nie. Ek glo daar is diegene wat so is, maar die oorgrote meerderheid tree in belang van die kind op."

Vir haar was die mees emosionele oomblik toe 'n kind eendag 'n skildery met 'n gedig (haar eie werk) op Elmien se lessenaar neergesit het.

"Dit was 'n baie slegte dag en hier stap sy in en gee vir my 'n skildery van myself met 'n gedig daarby. Ons mag nie geskenke aanvaar nie, maar dit was haar manier om dankie te sê. Ek kon haar bystaan en help reël dat sy ná skool verder kon gaan studeer. Dit was vir my so intens, want in ons werk sê mense mos maar min dankie."

Elmien se skooldae aan Fish Hoek Senior High hou vir haar net positiewe herinneringe in. Sy is gek na die see en mis dit veral om met haar honde op die strand te hardloop.



Kindergeleide huishoudings veg om oorlewing

Sedert die koms van demokrasie het die Suid-Afrikaanse regering 'n hele aantal uitstekende beleide en wette ingevoer om kindergeleide huishoudings te ondersteun. Hierdie beleide moet nou kragtiger toegepas word.

PROF AKIM MTURI, leier van die navorsingsnisarea Bevolking en Gesondheid op die Mafikengkampus, sê daar is 'n gaping tussen dit wat op papier is en dit wat in die praktyk gebeur.

“Ons het goeie beleide in plek wat bedoel is om kindergeleide huishoudings by te staan, maar dit wat op grondvlak gebeur, strook nie altyd met hierdie dokumente nie.”

Sy navorsing handel oor die realiteite waarmee kinders wat jonger as 18 jaar is en aan die hoof staan van huishoudings, te doen kry. Resultate toon dat daar heelwat aspekte van regeringsbeleid is wat eenvoudig nie werk nie.

Meer oor die navorsing

“Die doel van die studie was om vas te stel of die regering se pogings enigsins gelei het tot 'n verbetering in die lewens van kinders in hierdie tipe huishoudings,” sê Akim.

Vir die studie, wat in drie van die vier munisipale distrikte van die Noordwesprovinsie gedoen is, het Akim en sy navorsingspan onderhoude gevoer met 14 hoofde van kindergeleide huishoudings, 22 sleutelinformante en 24 maatskaplike werkers.


Die betrokke huishoudings het tussen een en ses lede gehad, en die jongste hoofde van die huishoudings was 14 jaar oud.

Sonder 'n veiligheidsnet

Akim wys daarop dat kindergeleide huishoudings niks nuuts is in Suid-Afrika of die res van Afrika nie. Wat wel verander het, is dat hul tradisionele ondersteuningsnetwerke verdwyn het.

“Voorheen was daar veiligheidsnetten – die ouer mense sou seker maak dat alle minderjariges in huishoudings geplaas word waar daar 'n volwasse was wat na hulle kon omsien. Deesdae is kindergeleide huishoudings so algemeen dat die tradisionele veiligheidsnetten nie kan byhou nie.”

Die MIV/Vigs-pandemie, saam met veranderings in die strukture van gesinne, is grootliks hiervoor verantwoordelik.



Die kinders se uitdagings

Kos en skuling



Die navorsers het bevind dat die beskikbaarheid van kos die grootste uitdaging inhou vir kinders hoofde van huishoudings. Kinders bly soms tot twee dae sonder kos.

Die tweedegrootste uitdaging was om aan fisiese behoeftes soos skuling en klere te voldoen. In sommige gevalle het die ouers eiendom en huishoudelike toestelle agtergelaat ná hul dood, maar in baie gevalle is die eiendom 'afgevat' deur familie-lede en die kinders sonder heen-kome gelaat.

Veiligheidskwessies



Veiligheid was ook 'n groot bekommernis.

In sommige gevalle word hulle helder oordag deur rowers geteiken omdat daar geen volwassenes is wat toegang tot die huis kan beperk nie.

Ander hindernisse was 'n gebrek aan leiding van volwassenes, en blootstelling aan emosionele en sielkundige mishandeling. Meisies het die verdere risiko dat hulle verkrag kan word en swanger kan raak.

Maatskaplike toelaes



Mens moet ouer as 18 wees om aansoek te kan doen vir die uitbetaling van kindertoelae. Dit beteken dat kindergeleide huishoudings moet staatmaak op die welwillendheid van volwassenes om namens hulle aansoek te doen.

In sommige gevalle het kindergeleide huishoudings gerapporteer dat volwassenes wat toelaes namens hulle ontvang het die geld óf terughou óf 'n gedeelte daarvan vir hul eie gesinne gebruik.

Waar kinders wél voordeel trek uit kindertoelae is die R260 per maand per huishouding nie naastenby genoeg om aan die huishouding se behoeftes te voldoen nie.

Hoe om die kinders se lot te verlig

Nadat hulle vasgestel het wat die grootste uitdaging is, het die navorsers 'n aantal aanbevelings gemaak om kindergeleide huishoudings se lot te verlig.

"Dit is baie belangrik om die kindertoelae toeganklik te maak vir almal wat daarvoor kwalifiseer," sê Akim. "Die owerhede moet seker maak dat die toelae aan alle kindergeleide huishoudings verskaf word; dit is immers hulle primêre bron van inkomste."

Wanneer die korrekte dokumente nie beskikbaar is nie, moet daar voorlopige goedkeuring – gefasiliteer deur maatskaplike werkers – wees om te verseker dat betalings gemaak word terwyl hulle vir die uitstaande dokumente wag.

"Die aansoekprosedure vir kindertoelae behoort ook weer in oënskou geneem te word.

"Hoofde van hierdie huishoudings moet toegelaat word om die

toelae direk te ontvang, want dit is hulle wat vir die huishoudings sorg."

Derdens moet die bedrag hersien word. "Die huidige R260 is duidelik nie genoeg vir die maandelikse uitgawes van kindergeleide huishouding nie. Dit sal die regering nie noodwendig baie ekstra geld kos nie; dit is heel moontlik net 'n kwessie van herstrukturering van die geld wat tans aan kindertoelae bestee word."

CText[®]

vier eerste dekade

CText[®], die internasionaal erkende, innoverende navorsing- en ontwikkelingsentrum vir tekstegnologiehulpbronne en -toepassings, het in Augustus hul 10de verjaarsdag gevier.

HIERDIE MYLPAAL is gedenk by 'n spesiale gebeurtenis wat plaasgevind het by die NWU PUK Sports Village, waar enkele van CText[®] se prestasies bekend gestel is. CText[®] funksioneer as 'n selfstandige sentrum sonder winsoogmerk en is deel van die Navorsingseenheid vir Tale en Literatuur in die Suid-Afrikaanse Konteks in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte op die Potchefstroomkampus.

Trotse prestasies

CText[®] presteer reeds sedert sy ontstaan.

Die sentrum het al 40 kontrakte losgeslaan en 50 sagtewarepakkette ontwikkel. Dit sluit in 21 eindgebruiker-sagtewareprodukte, 20 kerntegnologieë en 31 datastelle, en die verkoop van meer as 58 000 eenhede van hul speltoetsers.

Hulle het ook al verskeie toekennings ontvang vir hul werk op die gebied van mensetaaltechnologie. Dit sluit in die Johan Kruger-prys, die PanSAT-toekenning, die CL Engelbrecht-toekenning, twee Absa-bronsmedaljes, en die CJ Langenhoven-toekenning.

Bedrywige beginjare

Alhoewel werk aan 'n projek vir die transkribering van spraakdata en die ontwikkeling van hul eerste kommersiële produk (Afrikaanse Speltoets 2.0) reeds in 2002 begin het, is die sentrum amptelik in Junie 2004 tot stand gebring. Dit kom nadat hulle 'n Microsoft-kontrak losgeslaan het vir die ontwikkeling van speltoetsers vir vyf Suid-Afrikaanse tale.

Die sentrum se personeel is 'n dinamiese groep (hoofsaaklik) jongmense van verskillende agtergronde, en sluit in ingenieurs, linguïste, programmeerders, projekbestuurders en rekenaarlinguïste. CText[®] het 16 voltydse personeellede en ongeveer 30 eksterne medewerkers.

“Ons is baie trots op ons bydrae ten opsigte van tegnologie, sagteware en opgeleide personeel en studente. Dit maak dit vir CText[®] moontlik om meertaligheid in Suid-Afrika te bevorder,” sê dr Martin Puttkammer, hoof van CText[®].

Opwindende projekte

Volgens Martin het hulle ook drie langtermynprojekte. Die eerste een is die Autshumato-projek, wat 'n geïntegreerde vertaalomgewing behels wat terminologiebestuur insluit. Die tweede is die benoemde-entiteit-herkenning en frase-segmentering van 10 Suid-Afrikaanse tale, en die derde projek is om die regering se Taalhulpbronbestuursagentskap (HBA) te bestuur en te ontwikkel.

Die span by CText[®] werk ook tans aan 'n kampus-GPS en taalspeletjies vir selfone en tablette.



Die hoogste hekkies

“Ons grootste uitdaging is dat ons 11 amptelike tale beperkte hulpbronne het. As ons iets vir ‘n spesifieke taal wil ontwikkel, moet ons dus basies met niks begin,” sê Martin.

Nog ‘n groot uitdaging vir CText® is om nuwe, opgeleide personeel te vind wat ‘n passie het vir hierdie tipe werk.

Martin glo dat hierdie uitdagings oorkombaar is en CText® nie van stryk sal bring nie. “My visie vir CText® is dat ons ‘n beduidende bydrae sal lewer tot die toeganklikheid van inligting in elke Suid-Afrikaanse moedertaal, veral deur middel van ons vertaalsagteware en ander tegnologieë.”



Die toegewyde personeel van CText® het die sentrum se 10de verjaarsdag in Augustus gevier. Agter van links is wyle dr Martin Schlemmer, me Charlene Schoeman, me Marlie Coetzee, me Cindy McKellar, dr Daniel van Niekerk, me Khumo Mosiapo, prof Gerhard van Huyssteen, mnr Jacques van Heerden, mnr Wikus Pienaar en me Sunny Gent. Voor is prof Daan Wissing, mnr Jason Neumann, dr Martin Puttkammer, mnr Wildrich Fourie, dr Roald Eiselen en me Liané van den Bergh. Afwesig: mnr Ismail Lavangee.



As werknemers floreer, gedy organisasies



Uitbranding en stres is bekende terme in navorsing oor welstand in die werkplek; florerings en begeesterdheid is baie minder algemeen.

HUL FOKUS OP DIE POSITIEWE eerder as die negatiewe is 'n kenmerk wat prof Ian Rothmann en sy medenavorsers op die Vaaldriehoekskampus se navorsingsfokusarea, Optentia, laat uitstaan. Hul strategie is om uit te vind wat mense gelukkig maak by die werk, eerder as wat hulle ongelukkig maak.

“Ons stel belang om te weet wat mense begeesterd, gelukkig en tevrede hou in hul werk, en om meer te wete te kom oor die impak wat hierdie mense op organisasies het,” sê Ian, leier van die navorsingssubprogram “Florerings in Instansies” binne Optentia. “Die fokus is op verbetering en optimalisering eerder as op voorkoming en behandeling.”

Hierdie klem op die positiewe impliseer nie dat navorsing oor stres, uitbranding, konflik en die talle ander probleme in die meeste moderne instansies nie meer relevant is nie.

“Natuurlik is dit belangrik om ook op die negatiewe aspekte te fokus,” sê hy. Statistiek toon immers dat tussen 15% en 20% van die breë bevolking aan die kwyn is – wat beteken dat hulle sleg voel en funksioneer. Daarby het ongeveer die helfte van hierdie mense werklike sielkundige probleme, soos simptome van depressie. “Net ongeveer 20% van alle mense floreer; die res is almal iewers tussenin.”

Hoe beter ons verstaan wat dit is wat sekere mense laat floreer, hoe meer waarskynlik is dit dat die organisasies waarvoor hulle werk óók sal floreer.

Gelukkige bestuurders = goeie bestuurders

Is 'n gelukkige bestuurder 'n goeie bestuurder wat uitkomstes betref? “Definitief,” sê Ian.

“In ons studie in die landbousektor in Suid-Afrika waarby meer as 500 bestuurders betrokke was, het ons gevind dat bestuurders wat begeesterd is en betekenis vind in die lewe en in hul werk meer toegewyd is en minder geneig sal wees om aan te beweeg. Hulle sal ook makliker kreatiewe oplossings vir probleme vind en meer gewillig wees om dinge vir ander mense te doen.”

Florerende individue is ook minder geneig om betrokke te raak by misdaad of eties twyfelagtige transaksies, en is meer geneig om om te gee vir die omgewing.

Die positiewe impak van florerende individue is bevestig in ander navorsingsprojekte wat Ian en sy span in verskeie navorsingsomgewings onderneem het. Dit strek van staatsbeheerde ondernemings in Namibië tot IT-omgewings, hospitale, opvoedkundige instansies en die polisie diens in Suid-Afrika.



Oor OPTENTIA

Optentia, gebaseer op die Vaaldrie-hoekampus van die NWU, ontwikkel en organiseer kennis vir die optimale uitdrukking van individuele, maatskaplike en institusionele potensiaal.

Dit het 'n spesifieke belang by die Afrika-konteks en put uit verskeie maatskaplike dissiplines, insluitende sielkunde, bedryf-/organisasie-sielkunde, opvoedkundige sielkunde, sosiologie, opvoedingswetenskappe, arbeidsverhoudinge en maatskaplike werk.

Natuur of aangeleer?

Dit mag lyk of die talle komponente en kenmerke van florerende individue, wat nog te sê by 'n massa werknemers en bestuurders.

Die goeie nuus is dat florerende individue nie so gebore word nie: leer het gewoonlik ewe veel daarmee te make as natuur. Anders gestel, geluk word gebou op genetiese samestelling (omtrek 50%), 'n persoon se interne strewe na geluk (40%) en sy of haar onmiddellike omstandighede (10%).

Dit beteken dat 'n organisasie wat verbind is tot die trek en behoud van florerende werknemers en bestuurders dit kan doen deur 'n bevorderlike omgewing te skep. Hulle kan byvoorbeeld voorsiening maak vir interessante en stimulerende werk, 'n goeie werksrolpassing, voldoende hulpbronne, regverdige betaling, gesonde medewerkerverhoudinge en geleenthede vir leer en loopbaanontwikkeling.

Voel goed, funksioneer goed

'n Persoon wat floreer, voel goed en funksioneer goed.

In 'n werksopset bestaan goed-voel uit twee komponente:

Werksbevrediging

Individue wat goed voel, is meer tevrede met hul werk.

Positiewe emosies

Hulle ervaar meer positiewe as negatiewe emosies by die werk, wat hulle oopstel vir leer en kreatiwiteit.

Goed-voel het vier komponente:

- 1 Jy is energiek in en toegewyd aan jou werk en kan só daarin verdiep raak dat jy tred verloor met die tyd.
- 2 Jou sielkundige behoeftes word bevredig sodat jy outo-noom en bevoeg voel en 'n sin van verbondenheid ervaar – wat beteken jy voel dat jy 'n bydrae lewer tot iets groters in plaas daarvan om alleen te voel.
- 3 Jy het 'n doelwit en ervaar betekenisvolheid in wat jy doen. In 'n werkplekopset is betekenisvolheid gewoonlik die sterkste onder mense wat hul werk as 'n roeping – eerder as 'n loopbaan of net 'n werk – beskou.
- 4 Jy is hoopvol, veerkragtig, optimisties en self-effektief.

STERKPUNTE is deugde

As jy mense die geleentheid gee om hul **sterkpunte** te gebruik, is jy goed op pad om 'n omgewing te skep waarin florerende individue nog verder kan **gedy**.

Hierdie "sterkpunte-gebaseerde benadering" staan bekend as deugsamheid. Dit beteken om werknemers toe te laat om te doen wat hulle die beste doen, wat lei tot hoër produktiwiteit en werknemerbetrokkenheid.

"Ons almal het bepaalde vaardighede en sterkpunte. Mense floreer as hulle die geleentheid kry om hul sterkpunte te gebruik. Werknemers put plesier daaruit wanneer hulle hul sterkpunte gebruik; hulle leer vinnig en presteer suksesvol, en hulle voltooi take," sê hy.

Die oortuigendste argument is waarskynlik dat werknemers wat hul sterkpunte by die werk gebruik, meer lojaal en produktief is: hulle is 14,5% minder geneig om te bedank en hul eenhede is ongeveer 12,5% meer produktief.

Daar's deugsamheid daarin om op mense se sterkpunte te fokus. Mag organisasies wat dit doen, floreer!



Kommunikasie-alumni ken geen PERKE

Die NWU se alumni wat kommunikasie studeer het, wys dat daar geen perke is as dit kom by die verwesenliking van drome nie.

BAIE VAN HIERDIE alumni het huishoudelike name geword deur die hoogste sport in hul loopbane te bereik, terwyl ander na verwante velde toe beweeg het en in sommige gevalle die plaaslike vermaaklikheidswêreld verower het.

Die *NWU & U* het 'n klompie van die room van die oes gevra om vir ons te vertel watter rigting hul lewens ingeslaan het nadat hulle hul studies aan die NWU voltooi het en watter advies hulle vir kommunikasie-studente het.



Bouwer Bosch

Sy rede tot roem:

Betrokke by musiek, televisie, films en sosiale media. Hy is ook 'n voormalige lid van Straatligkinders en Dans Dans Lisa. Hy het verskyn in films soos *Klein Karoo*, *Pad na jou hart*, *Spook van Uniondale* en *Moorivier* (word in 2015 vrygestel) en in die televisiereeks *Donkerland*. Hy was ook medeskrywer en vervaardiger van die beste kortfilm by KykNET se Silwerskermfees.

Sy studies:

BA Kommunikasie-graad, Potchefstroomkampus, 2010.

Sy raad:

Alles gaan oor netwerking; as jy dit nie kan doen nie, bly jy agter. Doen alles met integriteit – daar is 'n groot tekort aan integriteit in die media-wêreld.



Ewoudt Cloete

Sy rede tot roem:

Handelsmerkbestuur op sosiale media. Hy het 'n permanente pos by Aqua Online en is MTN Suid-Afrika se sosialemedia-handelsmerkbestuurder.

Sy studies:

Honneurs- en meestersgrade in kommunikasiestudies, Potchefstroomkampus, 2009. (Hy is ook 'n voormalige redakteur van die studentekoerant, *Die Wapad*.) Hy is tans besig met 'n PhD in kommunikasiestudies.

Sy raad:

Ontwikkel jou Engelse skryf- en praatvaardighede. Die Suid-Afrikaanse sakewêreld funksioneer in Engels, en studente wat nie vlot is daarin nie, sal heelwat hindernisse moet oorkom in hul loopbane. Dit is ook belangrik om ervaring op te doen in die vorm van internskappe en vryskutwerk.

Moathodi Justice Dilotsotlhe

Sy rede tot roem:

Leierskap wat betref korporatiewe sake, bemaking, openbare betrekkinge en kommunikasie. As bestuurhoof van die Mmabana Arts, Culture and Sports Foundation in Mafikeng bevorder hy kuns, kultuur en sport in die Noordwesprovinsie en werf hy befondsing vir verskeie projekte. Ander hoede wat hy al gedra het deur die jare sluit in dié van dosent, vakbondvertegenwoordiger en joernalis.



Sy studies:

BA Kommunikasie-graad, voormalige Universiteit van Bophuthatswana, 1994 en BA Honneurs, Universiteit van Noordwes, (nou die NWU se Mafikengkampus), 1997.

Sy raad:

Verbreed jou horisonne. Gryp alle geleentheid aan sodat jyself die verandering kan wees wat jy graag wil sien. Volg my voorbeeld: lei met passie en verdiep jouself in brood-en-botter-kwessies.

Bonolo Molosiwa

Haar rede tot roem:

Tien jaar in die musiekbedryf en verskeie konsertoptredes. Sy was een van die Top 12-finaliste in die M-Net Idols-kompetisie in 2003 en het onlangs haar debuut-album opgeneem. Haar CD, *Platinum Product*, bring hulde aan die Noordwesprovinsie en is geborg deur die Noordwes Departement van Kuns, Kultuur en Tradisionele Aangeleenthede. Sy sê haar droom is om haar musiek in Afrika en later internasionaal te bemark.

Haar studies:

BA Kommunikasie-graad, Mafikengkampus, 2003. Sy is tans besig met 'n honneursgraad in kommunikasie.

Haar raad:

Pas jou kommunikasie-studies toe in die praktyk. Onthou: luister is 'n vaardigheid. Jy kan nooit te veel luister nie, en nooit genoeg weet nie.



Botho Molosankwe

Haar rede tot roem:

Van die belangrikste nuusstories van die dag. Eers het haar werk openbare betrekkinge behels, voordat sy 'n joernalis (*The Star*) en later 'n uitlegkunstenaar (*Sunday Independent*) geword het. Sy het toekennings ontvang vir haar mediadekking oor Reeva Steenkamp se dood en die man wat voorgegee het dat hy 'n gebaretaaltolk was by Nelson Mandela se gedenkdien. Sy was 'n kategoriewenner (Gedrukte media) in die Nasionale Persklub Joernalis van die Jaar-toekennings vir 2013.

Haar studies: BA Kommunikasie-graad, Mafikengkampus, 2002.

Haar raad: Raak betrokke by openbare betrekkinge, joernalistiek, politiek en die advertensiewese, om net 'n paar te noem. Werk hard, lees baie, wees ingelig en jy sal die loopbaan kry wat jy nog altyd wou hê.

Haar raad: Gryp elke moontlike geleentheid aan. (Ek is destyds geïnspireer toe die aktrise Brümilda van Rensburg 'n TV-aanbiederskursus by die Kreatiwiteitsentrum op die Potchefstroomkampus aangebied het.)

Sy raad: Wees eksentriek – ons loopbaan laat dit toe. Mensse gaan van jou vergeet as jy te gewoon is. Geniet die lewe en moenie dinge te ernstig opneem nie.

Elsje van Jaarsveld

Haar rede tot roem:

Inspirerende aanbieder op radio en TV en outeur van 'n boek oor kommunikasie in die sakesektor. Sy het al by 'n gemeenskapsradiostasie gewerk, en ook as redakteur

vir besigheidsverwante tydskrifte, en as 'n aanbieder van KykNET se ontbytprogram *Ontbytsake*. Sy is tans deel van KykNET se bemakingspan vir *Ontbytsake* en is 'n aanbieder en nuusorganiseerder by Radio Pretoria, waar sy ook betrokke is by die aktualiteitsprogram *Klankkoerant*.

Haar studies:

BCom, Potchefstroomkampus, 2007.



Piet Matipa

Sy rede tot roem:

Verskeie toekennings. As joernalis by *Beeld* en *Rapport* het hy vanjaar die titel van Beste Jong Joernalis verower. Ander toekennings sluit in 'n ATKV-mediaveertjie-toekenning, die Standard Bank Sikuvile Jong Joernalis van die Jaar-toekenning en die Media24 Jong Joernalis-toekenning. Hy was ook 'n finalis vir die Media24 Legendes-toekennings.

Sy studies:

Honneursgraad in joernalistiek, Potchefstroomkampus, 2011. (Hy is ook 'n voormalige redakteur van die studente-koerant, *Die Wapad*.)



Sanet Olivier



Haar rede tot roem:

Regisseur van gewilde TV-reekse soos KykNet se kookprogramme *Kokkedoor* en *Roer*, en ook die dokumentêr *Shoreline* wat die Suid-Afrikaanse Film- en Televisie-toekenning in 2010 gewen het. Haar volgende groot projek is die reeks, *Koekedoor*, 'n uitbreiding van *Kokkedoor*.


Haar studies:

BBKHons-graad in oudiovisuele kommunikasie, Potchefstroomkampus, 2003.

Haar raad:

Hierdie tipe werk is 'n lewenswyse, definitief nie 'n nege-tot-vyf-werk nie. Jy moet die hele tyd inspirasie put uit alles rondom jou. Daar word van jou verwag om elke liewe dag met nuwe idees vorendag te kom. As jy dit kan doen, sal jy 'n baie bevredigende loopbaan hê.

Tim Theron



Sy raad:
Let op in die klas en wees bereid om deurlopend te leer en die nodige aanpassings te maak as jy die professionele wêreld betree.

Sy rede tot roem:

Optredes in films en televisieprogramme. Hy het sy loopbaan afgeskop met korporatiewe kommunikasie, en van daar af na die vermaaklikheidsbedryf beweeg. Hy het 'n komediereeks, *Lagnes*, op KykNET begin, die produksie maatskappy Kaapland Films tot stand gebring, was die hoofkarakter in die film *Klein Karoo*, en het in TV-reekse soos *Vloeksteen* en *Donkerland* op KykNet verskyn. Sy tweede film, *Moorivier*, is in Potchefstroom verfilm.


Sy studies:

BComHons-graad in bedryfsielkunde, Potchefstroomkampus, 2003. Voor dit het hy in 2002 'n BComBBK-graad voltooi.

Die kommunikasie-alumni van die NWU het hope talent. Hulle het bewys dat hoë-gehalteonderwys gedrewe mense in staat stel om geleenthede aan te gryp, hul volle potensiaal te bereik en elke droom te bewaarheid.

Tumelo Tshetlo

Haar rede tot roem:



'n Opkomende ster met baie aanhangers. Sy staan bekend as Melo en haar liedjies kombineer Engelse en Setswana lirieke en 'n jazzrige melodie; sy werk tans aan haar eerste album. Sy is ook 'n joernalis vir Caxton en CTP Publishers and Printers Limited. Nadat sy haar studies voltooi het, het sy vir verskeie publikasies en gebeurtenismaatskappye gewerk en sy wil graag in die toekoms haar eie aanlyn publikasie begin.

Haar studies:


BA Kommunikasie-graad, Mafikengkampus, 2010.

Haar raad:

Bly gefokus op jou studies en gaan onmiddellik aan met nagraadse studies sodra jy jou eerste graad behaal het. Dit raak al hoe moeiliker as mens te lank wag.

* As jy weet van enige alumni wat uitblink in hul loopbane of naam gemaak het vir hulself, kontak Willie du Plessis by 018 299 4915 of e-posadres willie.duplessis@nwu.ac.za.

Daniëlla van Heerden



Haar rede tot roem:

Bekroonde joernalis vir eNCA. Sy het in 2008 begin as nuusjoernalis by *Beeld*, en na die uitsaaimedia toe beweeg toe KykNET en eNCA in 2010 met die eerste onafhanklike Afrikaanse nuusbuletin begin het. Sy het al verskeie toekennings behaal. Sy was byvoorbeeld onlangs die kategorie-wenner (Elektroniese media, TV-nuus) in die Nasionale Persklub se Joernalis van die Jaar-toekennings vir 2013.

Haar studies:

BA Kommunikasie-studies, Potchefstroomkampus, 2006. (Sy is ook 'n voormalige redakteur van die studentekoerant, *Die Wapad*.)

Haar raad:

Doen soveel moontlik ervaring op en bou heeltid aan jou portefeulje – werk by die studentekoerante en doen vakansiewerk en internskappe.

Die einde van die kys *was soet...*

Jy sou vergewe word as jy jou vir 'n oomblik verbeel het dat jy terug is in die vyftigerjare, en lid is van die gehoor by die *Ed Sullivan Show* of Dick Clark se *American Band Stand*.

PUK-Kunste en Artéma se produksie van *Breaking up is hard to do*, wat van 3 tot 6 September in die Ouditorium op die Potchefstroomkampus te sien was, het sowaar vir 'n reis terug in tyd gesorg. Alles – van die dekor tot die retro-uitrustings en Neil Sedaka se sentimentele treffers – het die gehoor herinner aan die eenvoudiger, meer onskuldige en romantiese 1950's waaruit meeste van die liedjies in die produksie kom.

FOTOGRAAF:
LEANRI CUNNIFF
Scintillio Photography

*“Dit was uitstekend.
Baie geluk!”*
- Lennie Gouws

Ongelooflike talent skitter op die verhoog

"Dit is ongelooflik dat nie een van die akteurs in *Breaking up is hard to do* musiek studeer nie," sê mnr Chris de Bruyn, bestuurder van Artéma (die Instituut vir Kunstebestuur en Ontwikkeling) op die NWU se Potchefstroomkampus.

"Die hoofkarakters studeer onder andere LLM, BA Tale en Sielkunde, BCom Kommunikasiestudies, BCom Bemarking en Tale en BCom Kommunikasiebestuur."

Chris sê hulle fantastiese spel getuig van NWU-studente se oorfloed talent.

"Ons is vreeslik trots op almal wat by hierdie produksie betrokke was. Ons wil ook elke persoon bedank wat die ekstra myl afgelê het om te verseker dat ons *Breaking up is hard to do* op die planke kon bring. Sonder hulle ondersteuning sou dit nie moontlik gewees het nie."

Hy sê Artéma en Puk Kunste sien uit na die volgende produksie wat in 2016 aangebied word. En, te oordeel na die gehalte van vanjaar s'n, gaan dit iets wees wat mens nie moet misloop nie.

"Ek was baie beïndruk."
- Charonike Nel



Paradise

'n Storie van liefde, verlies, en weer liefde

Die musiekblyspel het 'n bekende storielyn. Dit is 'n verhaal van liefde en verlies en, soos 'n sprokie, het dit 'n gelukkige einde. Die goedvoel-musiekblyspel het die gehoor met 'n warm gevoel in die hart en (waarskynlik) met 'n deuntjie op die lippe huiswaarts laat keer.

Die boodskap van liefde wat uiteindelik alle hartseer oorkom is op 'n vermaaklike en kleurvolle wyse deur hoogtepunte uit Neil Sedaka se liedboek oorgedra. Dit is 'n waarheid wat vandag net so relevant is as wat dit dekades gelede was.



"Julle vertoning was die beste – wonderlik, ongelooflik, baie pret, fantasties, supa dupa!!!"

- Suretha Bester
Van Emmenis

Bekende deuntjies bekoor

Die toekrag van ou bekendes soos "Breaking up is hard to do"; "Where the boys are"; "Stupid Cupid"; "King of clowns"; "Solitaire" en "Love will keep us together" ('n byvoeging uit die 1970's) het ouer lede van die gehoor betower en terselfdertyd 'n jonger generasie aan die bekoring daarvan bekendgestel.

Puik spel deur die begeesterde groep akteurs het die produksie baie spesiaal gemaak. Die kundige en bekwame produksiespan het verseker dat alles – van beligting en kostuums tot die klank en verhoogverskuiwings – professioneel en doeltreffend hanteer is.



10
JAAR

Dit begin alles hier®

24 jaar gelede

het Nelson Mandela die eerste tree
na vryheid gegee.

20 jaar gelede

het die eerste dag van vryheid vir al
ons mense aangebreek.

10 jaar gelede

het ons reis begin as twee verskillende
universiteite wat saamgesnoer is om aan
die behoeftes van ons land te voldoen.

In hierdie twee verweefde reise het ons altyd geweet
dat vordering slegs moontlik is deur verandering, en dat
verandering by ons moet begin. Sedertdien is
ons deel van die sukses van die veranderende en groei-
ende Suid-Afrika.

Ons sal voortgaan om die **transformasie** wat die
NWU en die land in die gesig staar, aan te gryp.

Die waarheid is in die feite – in wat ons
personeel, ons studente en ons alumni bereik het en
waartoe ons navorsing 'n bydrae lewer.

“Dit begin alles hier” – met ons as individue en
as instansie.